## HOOFSTUK VII.

## DIE NATURALISME.

### 1. VRYHEID EN GESAG IN DIE NATURALISTIESE FILOSOFIE.

#### (a) Inleiding.

Het die Christendom 'n keerpunt in die wêreldgeskiedenis ingelui, met die Naturalisme bereik ons 'n skrikwekkende laagtepunt. Die Naturalisme van die uitgaande agtiende eeu is die filosofie wat aan die wêreld die Franse Revolusie op staatkundige terrein en die moderne heidendom op godsdienstige erf besorg het - twee geesteskinders van die radikaalste verset teen gesag.

Die Rooms-Katoliek, Otto Willmann 1), beklemtoon die gesigspunt dat die tydsgees van die agtiende eeu die volslae teëpool van die Christelike Middeleeue was; en die Calvinis, Groen van Prinsterer 2), teken die antitese in hierdie woord: „De Revolutie, in verband tot de wereldhistorie, is, in omgekeerden zin, wat de Hervorming voor de Christenheid geweest is. Gelÿk deze Europa uit het bÿgeloof gered heeft, zoo heeft de Omwenteling de beschaafde wereld in den afgrond van het ongeloof geworpen... Toen was onderwerping aan God, thans is opstand tegen God het beginsel". En elders haal hy aan: „De revolutie is begonnen met de verklaring van de rechten van den mensch; zÿ zal alleen eindigen door de verklaring van de rechten van God". 'n Bewonderaar van die Naturalisme daarenteen, een van die „most eminent French writers" 3) tydens die eeufees van die Revolusie, roem Rousseau as „die siel van die Franse Revolusie" en die man wat „a new faith.... a higher ideal of religion" geskep het „by conciliating reason and faith through the <u>culture of the beautiful</u>" - waarvoor hy „die ewigdurende dankbaarheid van die mensheid verdien"(!).

---

1. Willmann: Didaktik als Bildungslehre, p.234.
2. Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, pp.20-21 en 15 resp.
3. Emile Blémont, aangehaal deur Payne in sy vertaling van „Rousseau's Emile", pp.312-3. Onderstreping deur my.

Vriend en vyand is dit dus eens dat die Naturalisme die sluitsteen was in die proses wat reeds met die Renaissance-Humanisme onkeerbaar 'n aanvang geneem het, en in die Rasionalisme 'n hoogtepunt bereik het: opstand teen die goddelike gesag op godsdienstige en staatkundige terrein. Die Openbaringsgeloof moes na agtien eeue Christendom plek maak vir 'n uitgesproke „religie van die ongeloof" 1).

In die vorige hoofstuk het ons reeds gesien dat die Rasionalisme en die Naturalisme die twee susterstrominge van die agtiende eeu was; ook dat die Rasionalisme met sy leuse: „Soewereiniteit van die Rede" die verset meer bepaald teen die godsdienstige en kerklike gesag aangevoer het, en nie gerus het voordat dit op 'n „natuurlike etiek" en „natuurlike godsdiens", die deïsme, uitgeloop het, en dié weer tot godversaking en ateïsme gelei het nie. Daarmee was die terrein vir die moderne heidendom gewonne. In hierdie hoofstuk bespreek ons die Naturalisme meer bepaald as die magtige stroming wat in die tweede helfte van die agtiende eeu, onder die leuse: „Soewereiniteit van die Natuur" - in die sin van wil en gevoel - met die herontdekte wapens van „natuurreg" en 'n „natuurlike staatsleer" die stryd teen die gesag op maatskaplike en staatkundige terrein ontketen het, wat in die verwoestende brand van die Franse Revolusie tot uitbarsting gekom het. Daardeur was die revolusiebeginsel virgoed in die wêreldgeskiedenis ingedra as die beginsel van opstand teen gesag. In die laaste instansie was dit die opstand van die ongeloof teen die geloof onder die slagspreuk: „Teen die Evangelie die Revolusie!" 2).

(b) <u>Oorsprong van die Naturalisme.</u>

**Eweas** by die Rasionalisme blyk ook by die Naturalisme reeds

---

1. Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, p.132.
2. Die omgekeerde van die slagspreuk: „Teen die Revolusie die Evangelie!", waaronder Groen van Prinsterer in Nederland gedurende die neëntiende eeu die stryd van die antirevolusionêre party aangevoer het.

uit sy ontstaan, uit sy stamboom, dat dit 'n kind van die verset teen gesag is. Ons volg hier in hoofsaak Davidson 1) se insiggewende uiteensetting in sy "Rousseau and Education according to Nature". Die moderne individualisme soos dit in Rousseau se naturalisme tot uiting kom, is 'n reaksie teen die uiterste sosialisme van die Middeleeue. Die heersende beginsel van daardie tydperk was die gesag van God, soos dit in die hoofde van die kerk en die staat - maar meestal in die van die kerk alleen - beliggaam was. Die individu het geen eie oorsprong of doel gehad nie. Hy was deur God geskape, tot Gods eer, en was slegs 'n middel tot daardie doel. Hy het geen vryheid, hetsy van denke, gevoel of wil besit nie. Vrye ondersoek na die aard en wette van die natuur het maar altyd weer voor die eise van die gesag geswig. Selfs die natuurlike liefde is met wantroue betrag. Die Konsilie van Trent het nog 'n vloek uitgespreek oor enigiemand wat durf sê dat maagdom en selibaat nie beter as die huwelikstaat is nie. Boweal is die vrye selfbepaling van die wil onder die banvloek geplaas. Dit was die taak van die eeue ná die Middeleeue om langsamerhand die juk van hierdie gesag af te skud en die mens in sy vryheid te herstel.

Die bevrydingsveldtog, so gaan Davidson voort, het met die Hervorming en die Italiaanse Renaissance begin. Laasgenoemde het die vryheid van die individuele gevoelens en emosies geëis; eersgenoemde, vryheid van die individuele rede. Hier moet ons helaas met Davidson verskil. In ons hoofstuk oor die Hervorming 2) het ons probeer aantoon dat die Hervorming in eerste instansie die gewetensvryheid van die gelowige wou verseker, terwyl intellektuele vryheid eerder die ideaal van die Humanisme, en hoogstens 'n neweproduk van die Hervorming was. Voltaire se Rasionalisme is dus die logiese uitvloeisel van die Humanisme, geensins van die

---

1. Sien Davidson: Rousseau and education according to nature, pp.4-8.
2. Sien bo, pp.135-6.

Hervorming nie. Die feit bly egter staan, dat terwyl die Middeleeue die gesag in die Openbaring gestel het, die sestiende eeu enersyds die Rede, andersyds die Natuur tot gesag opgewerp het. Die sewentiende-eeuse denkers, aldus Davidson, het dus in hul erfenis uit die verlede drie onversoende begrippe, of stelle begrippe, gevind - Openbaring, Rede en Natuur. Terwyl gelowige denkers aan die Openbaringsgesag vasgehou het, het ander die voorkeur aan óf die natuur óf die rede gegee. Engelse denkers, soos Bacon, Hobbes en Locke, het veral die natuur tot gesagsbron gekies, en die rede uit die natuur probeer verklaar. Rousseau het hulle gevolg en as slagspreuk van die naturalisme die kreet: „Terug na die natuur!" aangehef.

Dit bring ons by die kardinale beginsel van die naturalisme: die natuurreg. Die teorie van die natuurreg, verduidelik Barth, stam uit die leer van die Stoa, dat elke mensesiel 'n deel van die goddelike wêreldsiel, en daarom alle mense van nature gelyk - en dus ook vry - is. Gelykheid, en daarom vryheid, is die wesenlike trekke van die natuurreg. Met Hugo de Groot (1583-1645) is die natuurreg uit die Stoïsynse heidendom weer opgediep; Hobbes (1588-1679) en Locke (1632-1704) het dit tot die fundamentele beginsel van hul staatsteorieë gemaak, met die gevolg dat die gees van die natuurreg in die sewentiende eeu sterker was as die teokratiese idee in die Middeleeue, en in die agtiende eeu selfs alleenheersend geword het in die stryd teen die absolutistiese staat 1).

Aan Davidson se helder ontleding van hierdie staatsteorieë van Hobbes en Locke, waarin hy bo alle twyfel bewys dat hulle,ten spyte van die feit dat hulle die gesag van God in die staat nog erken, tog die mens tot bron van die burgerregte verhef en dus die deur vir die leer van die volksoewereiniteit oopgestel het, ontleen ons net die samevatting. Toe Rousseau begin skrywe het,

---

1. Barth : Geschichte der Erziehung, pp.388-391.

sê Davidson, was die ideë van Hobbes, Locke, Montesquieu en Morelly in die lug. „The chief of these notions were: (1) a state of Nature, as man's original condition, - a state conceived sometimes as one of goodness, peace, freedom, equality and happiness, sometimes as one of badness, war, slavery, inequality, and misery; (2) a law of Nature, independent of all human enactment, and yet binding upon all men; (3) a social contract, voluntarily and consciously made, as the basis of justification for civil society and authority, - a contract by which men united for the protection of rights, and the enforcement of laws which had existed already in the state of Nature; (4) false inequality among men, as due to private property, or the usurpation by some of what, by natural right, belonged to all, (5) a peaceful, untroubled, unenterprising, unstruggling existence as the normal form of human life". Uit hierdie ideë word ons in besonder deur twee getref: (1) „the ever-increasing importance assigned to Nature, and the ever-growing tendency to identify the divine will with its laws, and to regard Reason as the expression of these; (2) the growing tendency to look upon man as the originator of laws and the founder of institutions; as, therefore, their master and not their slave" 1). In die poging om Openbaring, Natuur en Rede as bronne van gesag vir die mens se handelinge, met mekaar te versoen, is die klem meer en meer van die Openbaring na die natuur verskuiwe. Die gevolge hiervan was verreikend: in die sedelike lewe, 'n gedweë navolging van die eie natuur in plaas van selfverloëning in die najaging van 'n verhewener ideaal; in die wetenskap, dalende belangstelling in teologie en metafisika teenoor bloei van die natuurwetenskappe en wyer toepassing van die natuurwetenskaplike metode; in die openbare lewe, tanende invloed van kerk en godsdiens, en toenemende sekularisering. Die vervanging van die goddelike Openbaringsgesag deur die gesag van die mens se eie natuur

---

1. Davidson: Rousseau, pp.21-2.

- hoewel voorlopig nog met sy rede vereenselwig - het die weg voorberei vir die revolusionêre chaos.

Voeg by hierdie teorieë van natuurreg en sosiale verdrag en die verheerliking van die natuur-gesag nou die praktiese misstande in kerk en staat en maatskappy, en ons het die konstellasie waarin Rousseau met 'n derde faktor, - sy eie karakter en temperament toegetree het. Hy was die eerste eksemplaar van 'n nuwe tipe mens: „the subjective, sensuous, sentimental, dalliant, querulous individualist" 1). Die grondtrek van sy karakter, sê Davidson, was spontaneïteit; sy hele lewe was 'n poging om vry en onbelemmerd uiting aan hierdie neiging te gee - 'n gejaag na „self-satisfaction, and that, too of a purely sensuous, not to say sensual, sort"; hy was „utterly incapable of submitting to any restraint, regulation, continuous occupation, or duty, however sacred". Van plig en sedelike dissipline het hy geen benul gehad nie. Inteendeel hy het vas geglo dat „all the evils which afflict humanity (were) due to restraints placed upon spontaneity or attempts to discipline it". Die hoofdoel van sy werke was „to show how men may be made happy and contented, without being obliged to become moral". Wat meer is, Rousseau het sy foute geken - maar hy was trots op hulle 2). Parker noem hom „the best example of the type of character which, since his day, has come to be known as the 'artistic temperament'" 3). Rousseau was inderdaad die tipe van die natuurmens, die beskaafde barbaar, die ongelowige by wie twee magtige hartstogte die enigste dryfvere tot handeling was: die liefde vir sy onbeteuelde vryheid, en haat teen alle gesag wat dreig om hom van sy vryheid te berowe.

Die gloedvolle geskrifte van hierdie man vorm die vernaamste formulering van die nuwe filosofie: die Naturalisme. Geen hervormer was ooit meer radikaal-herostraties nie. Hy eis niks minder

---

1. Davidson: Rousseau, p.4, voetnoot.
2. Davidson: Rousseau, pp.71-6.
3. Parker: Hist. of mod. elem. educ., p.175.

as die vernietiging van die beskawing en 'n terugkeer na die „onbedorwe" natuur nie. Elkeen van sy bekendste geskrifte is 'n aanval op 'n sosiale instelling: sy twee prysopstelle lê die byl aan die wortel van die maatskaplike stelsel van Europa; sy „Contrat Social" aan dié van die staatstelsel; sy „Nouvelle Héloïse" ondermyn die sedelike grondslag van die gesinslewe, en sy „Émile" „uproots whatever is traditional in education and religion. Thus he attacks the four cardinal institutions of civilization - the family, civil society, the state, and the Church - together with the school, which is the means of conserving them" 1). Hierdie geskrifte van Rousseau was dan ook die vonk in die kruitvat wat die ontploffing van die Franse Revolusie veroorsaak het.

Dit is dus vals om die oorsaak par excellence van die Revolusie - en dus van die Naturalisme - in die praktiese misstande te soek. Dis nog valser om die skuld van die Revolusie aan die Hervorming toe te dig 2). Die Naturalisme, die wysbegeerte van die revolusie, is die logiese voortsetting van die heidense leer van die natuurreg, op die moderne heiden, die natuurmens, toegepas.

(c) Die Filosofie van die Naturalisme.

Reeds uit sy oorspronge blyk dus dat die Naturalisme 'n geestesrigting is wat uit eie beginsel lewe. Sy grondstelling is die teorie van die natuurreg, wat die hipotese van die vryheid, gelykheid en broederskap van alle mense as aksioma aanvaar. Dis die filosofie van die „natuurlike" vryheid in opstand teen die geopenbaarde gesag. Dit vorm die hoogtepunt van die reaksie van die antroposentriese, outonome individualisme van die natuurmens teen die teosentriese gesagsfilosofie en gesagsinstellings.

1. Harris, W.T. : Voorwoord tot Payne: Rousseau's Émile, p. viii.
2. Groen van Prinsterer noem voorbeelde: Ongeloof en Revolutie pp.107-9, 123-7.

In hierdie reaksie is egter alle gesag vir gesagsmisbruik aangesien, en alle regering vir absolutisme, met die gevolg dat dit in 'n verset teen alle objektiewe gesag ontaard het. Die soewereiniteit van God moes wyk voor die soewereiniteit van die mens; die regte van God voor die regte van die mens; die positiewe Christendom voor die natuurlike godsdiens; die historiesgewordene voor die oorspronklik-gegewene; die leerstuk van die natuurlike verdowenheid is vervang deur die optimistiese geloof in die natuurlike goedheid van die mens. Die Naturalisme is inderdaad die ongeloof in stelselmatige vorm. Laat ons die leerstellinge van die Naturalisme ten opsigte van vryheid en gesag op die gebied eerstens van die maatskappy en tweedens van die staatsleer nagaan, om derdens te sien hoe dit met hul mensbeskouing verband hou.

(c.i.) <u>Maatskappyleer</u>.

In die maatskappyleer van die Naturalisme lei die beginsel van soewereiniteit van die individu tot sosiale atomisme. „Die mens is vry gebore, en tog is hy orals in boeie". Met hierdie woorde open Rousseau sy „Contrat Social". Alle maatskaplike instellings - gesin, maatskappy, staat en kerk - is soveel kettings wat die individu in sy vryheid belemmer. Die redmiddel is omverwerping van alles wat die mens van sy vryheid berowe - gewoonte, tradisie, misbruik, onreg, - sloping van alle gesag en terugkeer tot die vryheid van die natuurtoestand.

So fel veroordeel Rousseau die bedorwe maatskappy, en so sterk verheerlik hy die ongebondenheid van die natuurstaat in sy prysopstel oor die oorsprong van die maatskaplike ongelykheid, dat Voltaire hierdie kommentaar maak: „As 'n mens jou boek lees voel jy 'n drang om daar en dan hande-vier-voete te begin loop 1). Geen treffender bewys is nodig vir die feit dat Rousseau se

---

1. Voltaire. Aangehaal deur Harris, Voorwoord tot Payne: Rousseau's Émile, p.viii.

„natuurmens" niks meer is as die dierlike barbaar nie. Die natuurmens is in homself kompleet, selfgenoegsaam, onafhanklik - hy het niks van ander nodig nie 1). So misken Rousseau die waarde van maatskaplike ontwikkeling, die vrug van tegniek, wetenskap, kultuur, stryd, organisasie, werkverdeling, samewerking, beheer, leiding en gesag. Dit alles is vir hom agteruitgang en verval uit die ideale natuurstaat instede van vordering en vooruitgang.

Tog is sy standpunt volkome konsekwent. As God en alle goddelike gesag deur die ongeloof weggeredeneer is, bly slegs menslike gesag oor - wat 'n „mensonterende misbruik" is. Ook die moet gesloop word; dan is alle mense vry en gelyk. Treffend is Groen se ontleding: Staat en Maatskappij vallen uiteen; en is een beginsel van ontbinding, dat niet ophoudt, eer de verdeeling op geïsoleerde menschen afstuit, op eenlingen, op ondeelbaren, op <u>individu's</u>; een revolutie-term, waarin haar alverwoestend karakter naïef uitgedrukt is" 2). So het die antropologiese atomistiek van die Naturalisme sy individualistiese wêreld gesien, sê Kuyper. Alles het langs mekaar gelê, soos 'n hoop aangerolde klippe: God naas sy skepping, individu naas individu, gevoel naas die verstand, en die verstand naas die wil. „Uit al welke losse stukken alsnu de mensch, blind voor alle biologisch en historisch verband, door zijn denken eerst 't heelal zou vormen; ze door conventie en contract aaneenbindend, ze saâmkrammend door zijn rede en ze saâmlijmend door 't sentiment 3). Ondergrawing van die goddelike gesag en orde, wat die maatskaplike lewe deur sy instellings tot 'n organiese geheel saambind, is 'n waansinnige verbrokkeling van 'n magtige kunswerk tot 'n gaos van los klippe, sand en puin. Die beloofde vryheid gaan in ontwrigting en anargisme onder.

---

1. Sien Rousseau: Émile (Everyman's), p.5.
2. Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, p.140.
3. Kuyper: Bilderdijk in zijne nationale Beteekenis, p.17.

(c.ii) Staatsleer.

Dieselfde geld op die gebied van die staatsleer. Die gehalte leer van die "goddelike reg van konings" word verwerp, en alle heil van die leer van die volksoewereiniteit verwag. Sodra die historiese staat ontbind is blyk egter dat selfs vir die revolusionêre staat ook gesag en reg en ongelykheid nodig is! Daarom word "'n eie staatsgesag geknutsel na die resep van die Contrat Social" 1).

Die leer van die "maatskaplike verdrag", soos deur Rousseau gevisualiseer, kom hierop neer: Die bron van die gesag van die politieke owerheid, wat volgens histories-Christelike opvatting in die wil van God gesetel is, wat deur bonatuurlike Openbaring aan die gesagsdraers bekendgemaak word, word op die individuele wil en rede van die verskeidenheid van onderdane oorgedra. Hierdie vrye, gelyke individue van die natuurtoestand kom vrywillig bymekaar en soek 'n regeringsvorm wat almal beskerm, maar waardeur elkeen desnietemin sy vryheid ongeskonde sal kan behou en net homself sal gehoorsaam. Rousseau se oplossing vir hierdie vraagstuk is die vorming van 'n maatskaplike verdrag. Elke individu plaas sy persoon en al sy kragte onder die opperste beskikking van die algemene wil, die volkswil. Hy gee dus sy individuele vryheid prys, en ontvang in ruil daarvoor sosiale vryheid, d.w.s. vryheid in onderwerping aan die wette wat deur die gesamentlike wil van almal opgestel is. Elke wil is dus vry insoverre dit deel vorm van die volkswil, wat deur die meerderheidstem bepaal word. Terwyl elke individu vroeër soewerein in sy eie regte was, is die gemeenskap as 'n geheel nou die enigste soewerein. Die owerheid besit dus geen gesag behalwe wat deur die volk aan hom oorgedra is nie. As die owerheid dus die gesag misbruik en die volk wil dwing, dan is die kontrak verbreek, en die volk is weer vry om na die natuurstaat terug te keer, vry van alle gesag, maar

1. Groen van Prinsterer: Ongeloof en Revolutie, p.141.

ook vry om 'n nuwe kontrak aan te gaan. Hierin, merk Davidson op, het ons meteen die voorwaardes en die regverdiging vir 'n revolusie 1).

(c.Iii) Mensbeskouing.

Voordat ons die gesag en vryheid van die naturalistiese staatsleer aan die soeklig onderwerp, wil ons egter eers nagaan hoe die Naturalisme hom die ideale mens voorstel, en in hoeverre die maatskappy - en staatsleer deur die mensbeskouing bepaal word.

„Terug na die Natuur!" roep Rousseau die mens toe. Watter natuur bedoel hy? As hy self die vraag beantwoord, praat hy van ons „natural tendencies", waaronder hy by name ons gewaarwordinge en gevoelens van lus en onlus, tesame met ons oordele wat daardeur gevorm word, insluit, en sê dan: „these tendencies.....are what I call Nature" 2). Harris kom ook tot die gevolgtrekking dat wat Rousseau onder natuur verstaan, beteken „physical nature as opposed to man - ....matter and brute force; ....the untamed animal appetites that hold sway in human beings when not guided by moral or religious principles" 3). Rousseau idealiseer die beeld van die natuurmens wat in die woude ronddwaal, sonder werk of plig, taal of tuiste, haat of trots, sonder behoefte aan sy medemens, sonder enige band wat hom bind, sonder kommer of sorg, ambisie of stryd, sonder selfs om te dink - want „the state of reflection is a state contrary to Nature, and the man who thinks is a depraved animal" 4). In hierdie primitiewe eenvoud, salige onkunde en ambisielose bestaan van die „edele barbaar" was die mens vry en gelyk, sterk en gelukkig - en van nature vriendelik en goed.

Hierdie ideale barbaredom, sê Davidson, is hoofsaaklik die

---

1. Davidson : Rousseau, p.88.
2. Rousseau : Emile, p.5.
3. Harris,W.T., Voorwoord tot Payne : Rousseau's Emile, p.viii.
4. Rousseau : Wat is die oorsprong van ongelykheid onder mense,..? Aangehaal deur Davidson : Rousseau, p.83.

vrug van Rousseau se eie verbeelding. „His ideal savage is simply himself" 1). Dis sy eie karakter en temperament, sy eie hartstogtelike bandeloosheid, sy eie subjektiwisme, wat hy in die ideale natuurmens projekteer. „Among all writers of influence there is hardly one whose personality, that is, whose feelings, emotions, and tastes, enter for so much into his writings, as Rousseau's. He is,.....indeed, the apostle of subjectivism" 2). As ons nou Davidson se beskrywing van Rousseau se lewe, temperament en karakter 3) in gedagte roep, dan moet ons met hom saamstem dat Rousseau die allerlaaste mens is wie se teuellose losbandigheid en afsku van alle gebondenheid ons as 'n toonbeeld van die ideale gesindheid teenoor vryheid en gesag in die algemeen kan neem. En tog is dit die „ideale mens" wat Rousseau aan ons voorhou in sy ideale maatskappy en sy ideale staat.

Locke het reeds verkondig dat die kontrak met die staatshoof te enige tyd deur die volkswil nietig verklaar, en die hoof onttroon mag word. So het die opvatting reeds bestaan „that men, instead of being the creatures and slaves of institutions, are their creators and masters....Thus, man and his desires became the ultimate end to which institutions... are but means". Dan gaan Davidson voort: „It required but one unguarded step to pass from this to the notion that institutions are mere arrangements for enabling each individual man to give free play to his natural impulses - his animal spontaneity - without fear of being interrupted or disturbed. Rousseau took this step". Sy hele naturalistiese teorie - staats-, maatskappy- en opvoedingsleer - is 'n poging om die vraag te beantwoord: Hoe kan die mens se spontaneiteit en vryheid, waarin sy geluk bestaan, onbelemmerd uiting vind onder maatskaplike instellings wat 'n euwel, maar tog in bepaalde omstandighede 'n noodsaaklike euwel, is? In werklikheid, sê

---

1. Davidson : Rousseau, p.99, voetnoot.
2. Davidson : Rousseau, p.1.
3. Davidson : Rousseau, Hfstt.II-III, veral pp.71-6. Sien bo p.312.

Davidson, het hy die vraag nog enger gestel: Hoe moet die maatskappy ingerig wees sodat ek <u>my</u> vryheidsdrang ten volle kan uitlewe? 1) Rousseau se ideale maatskappy en sy ideale staat word dus direk deur sy siening van die ideale mens - die „edele barbaar" - bepaal; en dié is sy eie subjektiwistiese, bandelose self, wat hoegenaamd geen bande vir sy natuur kon duld, en hoegenaamd geen sin gehad het vir die waarde van stryd, dissipline en morele oorwinning nie - hetsy in sy persoonlike lewe, hetsy in die kulturele ontwikkeling van die gemeenskap.

(d) <u>Kritiek</u>.

(d.i.) <u>Valse Antropologiese Beginsel</u>.

Rousseau se Naturalisme gaan van 'n valse antropologiese beginsel uit, die onbewese hipotese, wat deur Skrif en ervaring geloën word, nl. dat die mens „van nature goed" is, terwyl die Christendom in sy sondebegrip die groot beginsel uitspreek, dat in ons verwoeste natuur die ewebeeld van God nie gesien word, tensy dit deur Christus herstel word nie 2). Hier kom ons dus voor die kernvraag te staan: wat is die menslike natuur? Met enige wysiginge neem ons hier oor wat ons elders 3) oor die onderwerp geskrywe het: „Ernstig-denkende opvoeders was nog altyd, saam met Paulus, bewus van die stryd wat daar in ons binneste woed tussen die 'wet van die goeie en die wet van die kwaad'. Maar Rousseau sluit hardnekkig sy oë vir die wet van die kwaad. Sonde is 'n begrip wat hy nie wil erken nie. Die sonde word deur hom eenvoudig goedgepraat omdat dit deel van die mens se natuur is. Saam met die Engelse opvoedkundige, Spencer Leeson, glo die Christen: 'Sin is sub-human, indeed sub-animal as well, for the animals are innocent and human sinners are not. In this sense... sin is....a monster, an utter distortion, contrary to the true nature of man' 4). Die wesenlike in die menslike natuur is nie

---

1. Davidson : Rousseau, p.79.
2. Kuyper : De „Nuts" -beweging, p.47.
3. Die Onderwysblad, Januarie, 1951, pp.22-3.
4. Sien Spencer Leeson : „Christian Education", pp.9-13.

die sondige nie. Vir Oud-Israel was dit dat die mens na die beeld van God geskape is. Vir Plato en Aristoteles, heidene, was daar innerlike verwantskap tussen die goeie in die mens en die hoogste Goed: God. Vir die Stoïsyn was die mens in harmonie met sy eie natuur as sy lewe deur die hoogste prinsiep, nl. die goddelike element in hom, bepaal is. Christus het ons geleer dat ons kinders van God is, wat 'Abba Vader' kan roep. Waterink, die Nederlandse Gereformeerde opvoedkundige, sê die mens vind sy ware wese in die vrymaking deur Christus. Butler, 'n Engelse opvoeder, sê: 'The moral law is written on our hearts, and in active obedience to it consists our true nature, our freedom and our highest good'". 'n Filosofie wat die mens „van nature goed" noem en die gruwelikheid van die sonde misken, is niks anders nie as die lewensbeskouing van die onwedergebore natuurlike mens.

(d.ii) Valse Sosiologiese Beginsel.

Die Naturalisme gaan tweedens ook van 'n valse sosiologiese beginsel uit, nl. die fiksie van 'n ideale natuurtoestand 1). Om die vryheid van die individu met die gesag van die gemeenskap te versoen, aldus Davidson, gaan Rousseau van die kontensie uit „that all the relations of the individual to society ought, at every moment, to be such as would result from a free contract entered into by persons all enjoying the same natural rights, all free and equal, on the understanding that all these rights should be maintained, and that all the contractants should remain free and equal under the contract 2). Maar dis 'n valse premisse.

So 'n natuurstaat is 'n blote verdigsel. Sonder enige gemeenskapsband is so'n eenloper eerstens geen volwaardige mens nie, is hy tweedens ook nie vry gebore nie, want vryheid sonder 'n sosiale orde is 'n woord sonder betekenis; en kan hy derdens

1. Payne : voorwoord tot sy „Rousseau's Emile", p.xix.
2. Davidson : Rousseau, pp.88-9.

geen regte hê nie, want regte veronderstel pligte teenoor 'n gemeenskap 1). Vryheid en gelykheid is nie die voorwaardes vir sosiale vooruitgang nie, maar die hoogste gevolge daarvan; hul staan dus nie aan die begin van die proses nie, maar aan die einde 2).

Ook die gesagsbeskouing van die naturalistiese gemeenskap is radikaal vals. "It teaches men to regard social retraints and institutions as something artificial and conventional, which it is their duty to cast aside, whenever they can, in favor of savage freedom". Die behoefte aan sosiale orde word teësinnig erken - „not as a means of moral training in conscious self-control, which is true freedom, but as a contrivance for conserving animal spontaneity and caprice" 3).

(d.iii) Valse Staatkundige Beginsel.

Ook die naturalistiese staatsleer berus op 'n valse staatkundige beginsel: die leer van die volksoewereiniteit. Hierdie teorie is uit verset teen die leer van die „goddelike reg van konings" gebore om die vryheid van die onderdaan teen die absolutisme van die owerheid te beveilig. Beide is egter vals. Nóg die koning nóg die volk besit inherente gesag. Alleen die Calvinistiese belydenis van die volstrekte soewereiniteit van God verskaf 'n gesagsleer wat die vryheid van die onderdaan waarborg. Uit hierdie belydenis vloei immers voort, aldus Kuyper, „dat alle gesag en mag op aarde nie inherent is nie, maar opgelê, sodat daar van nature nóg by die vors nóg by die volk van soewereiniteit sprake kan wees. Soewerein is alleen God almagtig self; alle skepsele, of hulle nou in die koninklike paleis of in die bedelaarshut gebore is, ag Hy, by Homself vergeleke, as niks. Gesag van een skepsel oor 'n ander ontstaan eers deurdat God dit verleen, nie om dit af te staan nie, maar om dit te laat gebruik tot

1. Sien Davidson : Rousseau, p.89.
2. Davidson : ibid., p.95.
3. Davidson : ibid., pp.95-6.

sy eer. Hy is dus vrymagtig en gee daardie gesag aan wie Hy wil... Die vraag is nie of dit die volk self is of 'n koning wat regeer nie, maar of beide, indien hulle regeer, dit doen kragtens Hom". Beide bly aan God verantwoordelik. Hiermee is 'n afdoende oordeel gevel nie alleen oor die volksoewereiniteit in die sin van die naturaliste nie, - asof elke mens as mens aanspraak op 'n deel van die politieke gesag in die staat sou hê - maar ook oor die leer van die "goddelike reg van konings" - asof vorste tot 'n hoër soort wese sou behoort 1). Hiermee is die vryheid van die burger gewaarborg teen vorsteaanbidding en staatsoppermag.

Die Contrat Social darenteen, hoewel dit onder 'n vryheidsvlag seil, vernietig alle burgervryheid: die burger word siel en liggaam eiendom van die staat; die reg van die owerheid verval; die volksverteenwoordiging word 'n karikatuur - 'n ander vorm van slawerny, vryheid word die afskuwelike despotisme van die meerderheid oor die minderheid - die "tirannie van die helfte plus één", soos Kuyper dit uitdruk 2); die familieband word geslaak: die kinders behoort aan die staat voordat hulle aan hul ouers behoort; die godsdiens word vernietig. So som Groen van Prinsterer die dwingelandy wat onder die dekmantel van vryheid gepleeg word op. Dis "volledige vryheid, behoudens volledige slawerny"! In die skerpste taal trek hy die konsekwensie van die naturalistiese verwerping van die goddelike gesag. "Alleen door zich tegen God te verzetten, alleen door God te verzaken, alleen door als God en in de plaats van God te willen zijn, alleen door den wensch om, ware het mogelijk, God vernietigd te zien, blijft men, eenmaal op den revolutionairen bodem eener stelselmatige goddeloosheid geraakt, aan zijn eigen beginsel, en aan zichzelven, naar de inblazing van den vader der leugenen, gelijk"3).

---

1. Kuyper : Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutioneele vrijheden, pp.51-2.
2. Kuyper : Ons Program (Met Bylagen), p.90.
3. Groen van Prinsterer : Ongeloof en Revolutie, pp.143-5, en p.168.

Deur die goddelike oorsprong van die gesag te misken lei die Naturalisme dus tot absolutisme.

Maar andersyds lei dit ook tot radikalisme! Rousseau gee aan die onderdane die reg om die kontrak met die owerheid te verbreek, maar vergeet, aldus Davidson 1), om drie uiters belangrike dinge te bepaal: (1) die presiese terme van die verdrag. (2) wat as 'n verbreking van die verdrag beskou mag word, en (3) wie moet vasstel wanneer die verdrag geskend is. Die logiese gevolgtrekking is dat enige groep onderdane te enige tyd vry is om die kontrak nietig te verklaar, vry om na hul oorspronklike staat van barbaarse individualisme terug te keer, vry om mekaar na hartelus dood te slaan, en vry om opnuut 'n verdrag aan te gaan. Dubbel verderflik word hierdie leer in die geval van 'n groep onderdane wat nog nie die rypheid besit om volle selfbepaling te waardeer nie, en wat geleer word om alle noodsaaklike beperkinge op hul vryheid as slawerny te beskou. Suid-Afrika se naturellevraagstuk bied 'n voorbeeld wat die erns van hierdie waarskuwing van Davidson treffend tuisbring. Hy bestempel Rousseau se „Contrat Social" dan ook as die bybel van die sosialisme en anargisme. Diepenhorst is dit met hom eens; hy toon nog verder aan dat ook die Liberalisme 'n geesteskind van die Franse Revolusie is, en dat veral die ontwikkeling van die Bolsjewisme en die Kommunisme bewys lewer van die hellevaart van hierdie revolusionêre teorieë 2).

Die Naturalisme se opvatting van politieke gesag toon dat hulle nie onderskei het tussen die gesagsmisbruik deur absolutistiese „konings by die grasie van God", en handhawing van 'n aan God ontleende gesag deur 'n aan God verantwoordelike owerheid nie. Daarom het hulle alle goddelike owerheidsgesag verwerp en die gesag in die algemene volkswil geplaas - met noodlottige gevolge:

---

1. Sien Davidson : Rousseau, pp.92-5.
2. Diepenhorst, P.A. : Naskrif tot Groen van Prinsterer : Ongeloof en Revolutie, pp.269, 297.

'n erger absolutisme enersyds, radikalisme en anargisme andersyds. Hul opvatting van vryheid het vir Europa naas al die onheil ook die seën van politieke vryheid gebring, maar, so sê Kuyper, dit was 'n gestole vrug. Hul het die Calvinistiese leer van die vryhede van die mens, wat slegs aan die wortel van die soewereiniteit van God ontspruit probeer oorent op die wilde stam van die Naturalistiese leer van die selfgenoegsaamheid van die mens, en dit verdraai tot die „regte van die mens" 1). So het die vryheid egter net 'n mantel gebly wat omgehang is. Politieke vryheid kan nie standhou tensy dit deur die innerlike sedelike vrymaking van die mens gesteun word nie. Die vryheidsboom van die Revolusie het sy vryheid gesoek in die: „Ni Dieu, ni maître!"; die Kruis leer: „As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" 2).

(e) <u>Slot</u>.

Rousseau was die vader van die agtiende-eeuse Naturalisme; want in hom kom weer die heidense beginsel van die natuurreg tot volle bloei. Sy interpretasie van sy eie leuse „Terug na die Natuur" is egter sodanig dat dit deurgaans van valse premisses uitgaan. In sy mensbeskouing verkondig hy die pelagiaanse leer van die natuurlike goedheid van die natuurmens, omdat hy die sonde misken. In sy maatskappyleer begin hy al dadelik met die fiksie van 'n natuurstaat van eenlopende barbare, wat vry en gelyk en goed en gelukkig is. Hy misken die rol van ontwikkeling en vooruitgang in die kultuurlewe van die mens. Hy ken aan die barbaar reeds vryheid toe. Hy besef nie dat vryheid geen geskenk aan onrype mense kan wees nie, maar 'n kosbare beloning wat hul ná moeisame stryd en morele oorwinning eers kan verwerf. Die hoogste vryheid is die vrymaking deur Christus. In sy staatsleer word beide gesag en vryheid vernietig omdat beide uit die

---

1. Kuyper : Het Calvinisme, oorsprong en waarborg....,pp.46,61.
2. Sien Kuyper : Niet de Vrijheidsboom, maar het Kruis,pp.8-10.

volksoewereiniteit, dus uit mensegesag, afgelei word. Slegs in die Calvinistiese leer van die soewereiniteit in eie kring 1) het ons 'n gesagsbeskouing wat waarlik die vryheid van elke individu en elke gesagskring, veral teen staatsabsolutisme, verseker, omdat beide gesag en vryheid uit God, die soewereine en vrye, afgelei is.

## 2. JEAN JACQUES ROUSSEAU (1712-1778).

### 2(a) Inleiding.

Rousseau se „Emile" weerspieël beide die krag en die swakheid van die naturalistiese filosofie. Netsoos sy „Contrat Social" 'n verklaring van die „regte van die mens" was, so was „Emile" 'n verklaring van die „regte van die kind" 2). In dié boek skilder hy die natuurlike opvoeding van die sondelose kind in die ideale natuur-omgewing. Dit was 'n gloedvolle emosionele reaksie teen alle formalisme en onnatuur: in die kunsmatige, buitensporige, holle etiket-lewe van die sosiale aristokrasie; in hul onopregte seremoniële godsdiens; in die onderdrukking van die natuurlike drange, gevoelens en handelinge van kinders; en in die enge intellektualisme van die skool 3). Rousseau as gevoelsmens, met sy „indomitable spirit of liberty" 4), het dit alles as soveel knellende boeie, as geestelike dwang op die mens aangevoel. Vir hom het dit gevoel asof die samelewing 'n sameswering teen die vryheid van die individu smee, en hy die natuurlike vryheid van die kind teen die bederf en korrupsie van die beskawing moes beskerm 5) „Terug na die Natuur!", die leuse van sy bevrydingsveldtog, het daarom vir hom beteken: „Terug na die vryheid!".

---

1. Sien Kuyper : Souvereiniteit in eigen kring, p.12.
2. Duggan : A Student's Textbook in the History of Educ.,p.207.
3. Sien Parker : Hist. of Modern Elem. Educ., pp.163-179.
4. Rousseau in 'n brief aan M. de Malesherbes, 1762. Aangehaal deur Davidson : Rousseau, p.74.
5. Davidson : Rousseau, pp.231, 237.

2(b) <u>Vryheid en gesag in sy beskouing oor die kind 1) en die opvoedingsproses.</u>

Die sleutel tot Rousseau se opvatting van vryheid lê in sy radikaal-veranderde beskouing van die menslike natuur. „Everything is good as it comes from the hands of the Author of Nature; but everything degenerates in the hands of man" 2); so lui die eerste sin in sy „Emile". Ongetwyfeld het die ortodokse geloof in die verdorwenheid van die menslike natuur aanleiding gegee tot ernstige wanpraktyke. Alles wat natuurlik is, is gewantrou. „Human affections were evil....Human senses were untrustworthy.... Human inclinations and instincts, springing from a nature depraved in its essence, were toward the evil and were to be eradicated. Natural interests....were to be shunned in all educational processes" 3). Hoe moeiliker vir die intellek, hoe onaangenamer vir die gevoel, hoe doeltreffender vir die breking van die wil - deste beter was die opvoeding. Die kind se natuur moes omgevorm word tot 'n nuwe wese wat die tradisionele manier van dink en doen en voel in die plek van sy eie aangeneem het.

Met sy hele wese het Rousseau, met sy subjektiewe individualisme, sy kunstenaarstemperament en sy obsessie vir sinlike genot, teen hierdie opvatting in opstand gekom. Die mens is van nature goed; die leer van die erfsonde is 'n fiksie. „Verdorwenheid" is bloot die gevolg van 'n verkeerde opvoeding in die korrupte gemeenskap. „The first impulses of nature are always right; there is no original sin in the human heart, the how and why of the entrance of every vice can be traced 4). Opvoeding moet nie 'n uitroeiing of onderdrukking van die natuurlike neigings en instinkte wees nie, maar 'n ontwikkeling daarvan. Dit moet die beginsel volg „of utilizing the inner urge towards growth of organs and of faculties" 5). Opvoeding is dus 'n proses van

---

1. Sien bo, pp.319-20.
2. Rousseau : Emile, (Payne), p.1. Alle ander aanhalings uit „Emile" is uit die Everyman's-uitgawe.
3. Monroe : A Text-book in the Hist. of Educ., pp.566-7.
4. Rousseau: Emile (Everyman's) p.56.
5. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.231.

organiese groei van binne, nie van omvorming deur 'n gesag van buite nie. Rousseau se „proclamation of the gospel of free development marks the beginning of a new epoch in educational thought and practice....The guiding principle of this movement is the principle of freedom... The educator, on this view, is not the master of mind, but its servant. He helps from without a process of growth which has its impulses from within, and only succeeds when he understands and respects its laws 1). Daarom is dit die eerste plig van die opvoeder, sê Rousseau, om die kind te ken en verstaan, om die kind in hom lief te hê met sy besondere natuur; sy drang om vry en gelukkig te wees, die lewe te geniet, te speel, te dink, te doen en te voel soos 'n kind 2). „We know nothing of childhood.... The wisest writers devote themselves to what a man ought to know, without asking what a child is capable of learning" 3).

Die oplossing wat Rousseau vir hierdie probleem bied is om die lewe van die opvoedeling, van sy geboorte tot sy vaderskap, in vyf groeistadia in te deel, die besondere aard van elke stadium te probeer vasstel, en die besondere behandeling wat by elkeen pas aan te gee. Wanneer die opvoeder, behalwe met hierdie algemene ontwikkelingstadia in die lewe van alle kinders, ook nog met die gesag en in besonder met die eie individuele natuur van elke kind rekening hou, dan is sy opvoeding waarlik 'n terugkeer na die natuur en na die vryheid van die kind.

In Rousseau se beskouing van die opvoedeling vind ons dus twee nuwe elemente wat sy bydrae tot die vryheid van die kind behels: (1) omdat die mens van nature goed is, volg dit dat die taak van die opvoeding moet wees om - lynreg teenoor die leer van Locke - die kind sy natuurlike neigings vry te laat uitlewe; (2) hierdie ontwikkeling van die natuur geskied nie in één deurlopende

---

1. Boyd : From Locke to Montessori, pp.50, 48, 45.
2. Emile, pp.43, 54.
3. Rousseau : Voorwoord tot Emile, p.1.

proses nie, maar „through sharply defined periods which had little or no connection with each other" 1 ), en wat elk 'n eie opvoeding vereis.

Laat ons nou nagaan hoe Rousseau in elk van die stadia die doel, metode en tug van sy opvoeding sodanig wou inrig dat, deur die natuur te volg, die vryheid van die kind verseker sou wees.

2(c). <u>In die Doel</u>.

(c.i.) <u>Algemeen</u>.

Voordat ons die besondere stadia bespreek moet ons eers 'n paar algemene doelstellings van Rousseau in oënskou neem. Om gelukkig te wees in die genot van die onbelemmerde vryheid van ons natuurlike neiginge - dit is volgens Rousseau die hoogste doel wat die opvoeding kan nastrewe. „When our natural tendencies have not been interfered with by human prejudice and human institutions, the happiness alike of children and of men consists in the enjoyment of their liberty" 2 ). Vryheid is die waarborg van ons geluk; want wie vry is, is onafhanklik van alles en almal buitekant homself. „There is only one man who gets his own way - he who can get it single-handed; therefore freedom, not power, is the greatest good. That man is truly free who desires what he is able to perform, and does what he desires. This is my fundamental maxim. Apply it to childhood, and all the rules of education spring from it" 3 ). In hierdie laaste beginsel vind McCallister 4 ) „the originality and power of the <u>Emile</u>. <u>For the first time a principle of freedom is enunciated as the basic principle of education"</u>. Die kind se vryheid, so betoog Rousseau verder, sal dus nooit meer as 'n „imperfect liberty" 5) wees nie, want hy bly altyd swak en afhanklik van ander, altyd gebind deur „laws

1. Monroe : Text-book in the Hist. of Educ., p.560.
2. Emile, p.49.
3. Emile, p.48.
4. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.237. Hy vertaal egter opsetlik: „...who desires <u>only</u> what he is able to perform".
5. Emile, p.49.

and customs" 1), en sy begeertes bly altyd groter as sy vermoëns. Om gelukkig te wees moet dus die ewewig herstel word; ons vermoëns moet gesterk en ons begeertes ingekrimp word. "True happiness consists in decreasing the difference between our desires and our powers, in establishing a perfect equilibrium between the power and the will. Then only, when all its forces are employed, will the soul be at rest and man will find himself in his true position" 2). Hierdie ideaal het die mens in sy natuurstaat geken; maar dis die verbeelding wat hom in die kultuurstaat na steeds hoër dinge laat strewe, wat hom deur hul onbereikbaarheid in die ongeluk stort. "Half knowledge and sham wisdom set us thinking about death and what lies beyond it; and they thus create the worst of our ills 3). Dis dwaasheid om die geluk in die toekoms te soek, terwyl dit ons in die hede toelag. Dis des te dwaser om kinders vir daardie veraf geluk van'n vae toekoms voor te berei terwyl ons weet dat "of all children who are born scarcely one half reach adolescence, and it is very likely your pupil will not live to be a man. What is to be thought, therefore, of that cruel education which sacrifices the present to an uncertain future that burdens a child with all sorts of restrictions and begins by making him miserable, in order to prepare him for some far-off happiness which he may never enjoy?"4) Dis hierdie strewe om "more than man" 5) te wees, wat die mens swak en ongelukkig maak. Ware geluk kan nêrens anders as in die natuurlike staat van die mens gevind word nie 6). "Oh, man! live your own life and you will no longer be wretched. Keep to your appointed place in the order of nature and nothing can tear you from it... Your freedom and your power extend as far and no further than your natural strength; anything more is but slavery, deceit, and

1. Emile, p.49.
2. Emile, p.44.
3. Emile, p.46.
4. Emile, pp.42-3.
5. Emile, p.45.
6. Emile, p.51.

trickery" 1). Waarom moet die kind se lewe versuur word "to correct his evil tendencies"? 2). Die jeug moet 'n tyd van "harmless mirth" 2) wees. "Love childhood, indulge in its sports, its pleasures, its delightful instincts... As soon as they are aware of the joy of life, let them rejoice in it, so that whenever God calls them they may not die without having tasted the joy of life" 2).

Dít is dan die soort etiese vryheid wat vir die kind geluk moet bring: 'n louter negering van die hoër geestelike waardes, en 'n uitlewing van die sinnelike genotsug terwille van 'n suiwer hedonistiese geluk. Dít is ook die soort geluk wat vir die kind sedelike vryheid moet bring! Alle strewe na 'n Godgerigte lewe is slawerny en bedrog - 'n hersenskim. Om te lewe soos die dier, tevrede met sy dierlike natuur en willekeur, sonder hoër aspirasies, sonder 'n behoefte aan sedelike dissipline en vervolmaking, is die uiteindelike doel van die lewe. Rousseau se teorie is 'n aanpassing van die hoëre aan die laere, 'n neerhaling van die geestelike waardes tot die slyk van die sinnelike plesier sodat die "natuurlike" mens nie in sy gemoedsvrede en vryheid gesteur mag word deur die tweespalt tussen sy ideale en sy vermoëns nie. Karaktervorming het geen waarde nie; al sou 'n kind die edelste geestelike eienskappe besit, - as hy te sterwe kom voordat hy die lewe geniet het, dan was sy lewe 'n mislukking! Davidson sluit sy oordeel oor hierdie benede-menslike, individualistiese opvoeding af met die woorde: "It would hardly be possible to form a more pitiful conception of human life and education than this. There is not a moral or noble trait in it". Duisende onnadenkende en sentimentele ouers en opvoeders het hulle deur Rousseau se "siren song of mock-prophetic unction" laat mislei. "And hence it has come to pass that the old maxim: Train up a child in the way that he should go, has been replaced by this other:

---

1. Emile, p.47.
2. Emile, p.43.

See that the child have a ,good time'" 1). Ewe verwerplik as die inhoud van Rousseau se vryheidsopvatting is ook die tegniese formulering van die vryheidsbeginsel, naamlik dat alleen hy vry is wat slegs dié dinge begeer wat hy kan doen, en wat doen wat hy begeer 2). Die bewoording sluit vryheid vir die Christen uit, want sy hoogste begeerte is na die dinge wat bokant menslike vermoë verhewe is. Dit sluit slegs die gewone ambisieuse leerling uit, wat hoër mik as wat hy kan skiet. Dit gee aan die gemaksugtige die alleenreg op vryheid.

Dieselfde selfsugtige, gemaksugtige verwerping van hoër waardes vind ons in die verhouding van die individu tot die gemeenskap. Vir Rousseau is daar 'n onoorbrugbare kloof tussen die mens en die burger, die natuur en die kultuur. „Harmony becomes impossible. Forced to combat either nature or society, you must make your choice between the man and the citizen, you cannot train both" 3). By die keuse is dit weer die natuurlike gevoelens wat die deurslag moet gee - die hoër waardes moet aan die laere opgeoffer word. „He who would preserve the supremacy of natural feelings in social life knows not what he asks. Ever at war with himself, hesitating between his wishes and his duties, he will be neither a man nor a citizen" 4). „The natural man lives for himself; he is the unit, the whole, dependent only on himself and on his like. The citizen is but the numerator of a fraction, whose value depends on its denominator;.... that is, on the community" 5). Om die spanning tussen sosiale pligsgevoel en individualistiese selfuitlewing te verhoed, verheerlik Rousseau laasgenoemde. Om te lewe is die belangrikste van alle beroepe 6). Lewe beteken egter nie net asemhaal of 'n hoë

1. Davidson : Rousseau, pp.119-120.
2. Emile, p.48. Sien ook McCallister: The Growth of Freedom in Educ., p.237.
3. Emile, p.7.
4. Emile, p.8.
5. Emile, p.7.
6. Emile, p.9. Rousseau verwar hier burgerskap met beroep. Sien Davidson : Rousseau, p.103, voetnoot.

ouderdom bereik nie, maar om 'n "keen sense of living" 1) te hê. Binne die gemeenskap is helaas geen vryhied vir die individu moontlik nie. "Our customs consist in control, constraint, compulsion. Civilized man is born and dies a slave. The infant is bound up in swaddling clothes, the corpse is nailed down in his coffin. All his life long man is imprisoned by our institutions"1). Teneinde sosiale dwang te ontvlug word sosiale vryheid in kunsmatige isolasie gesoek. Emile word uit die korrupte stadslewe na 'n natuurlike landelike omgewing verwyder - tot tyd en wyl hy 'n sterk weerstand opgebou het en as maatskaplike hervormer teruggeplaas kan word. So'n vryheid in isolasie is egter hoogs onbevredigend. Dis 'n miskenning van die "social freedom which arises from social responsibility" 2).

In beide die etiese en die sosiale opvoeding van die kind soek Rousseau dus die vryheid in 'n negatiewe proses van afwering van alle invloede wat die vrye ontvouing van die natuurlike neiginge aan bande kan lê. Hoe dieselfde beginsel ook op die intellektuele en die fisiese ontplooiing toegepas word, sal ons nou in die bespreking van die betrokke groeistadia sien.

(c.ii) <u>Kleinkinderjare</u>.

Die eerste twee periodes (0-5 jare, en 5-12 jaar) is die tydperk van onbelemmerde groei en ontwikkeling van die liggaam en die sintuie. Al die ander "vermoëns" sluimer nog: die verstand, die geheue 3), die gewete, die besef van sedelikheid 4), en die hartstogte wat die sosiale instink opwek 5). Daar is dus twaalf volle jare beskikbaar vir vrye liggaamlike en sintuiglike groei. Rousseau lewer 'n oortuigende pleidooi vir die fisiese vryheid van die suigling (0-5 jaar): vryheid om te beweeg, veral bevryding uit die "cruel bondage" van die onsinninge en onnatuurlike

---

1. Emile, p.10.
2. Hissong : The Activity Movement, p.101.
3. Emile, pp.71, 72.
4. Emile, p.34.
5. Sien Emile, p.175.

gewoonte van inbakering; en vir gekontroleerde vryheid om sy sintuie te oefen, nuwe dinge te sien en te hanteer 1); die regte aanpassing te vind by dinge wat gewoonlik vrees by kinders opwek, soos die donker, padda's en spinnekoppe 2); en vryheid om te leer praat wanneer hy die behoefte daaraan voel 3).

(c.iii) Kinderjare.

Die doelstellings vir die kinderjare (5-12 jaar) word deur McCallister as volg opgesom: „Strength, vigour, health, exercise, happy activity, keenness, intelligence, truthfulness (without vanity, extravagance, or ornament), precision and clearness of ideas, confidence, knowledge of abilities and limitations" 4). Rousseau gee by 'n terugblik oor die tweede periode hierdie samevatting: „He has reached the perfection of childhood; he has lived the life of a child; his progress has not been bought at the price of his happiness, he has gained both. While he has acquired all the wisdom of a child, he has been as free and happy as his health permits. If the Reaper Death should cut him off...; we will say, 'His childhood, at least, was happy; we have robbed him of nothing that nature gave him'" 5). Dus, sê Davidson, bereik Rousseau se eensame leerling die ouderdom van twaalf jaar sonder dat hy geleer het om iets anders te doen as om te speel. Die spel het egter sy spiere en sy sintuie geoefen; hy is gesond en sterk soos 'n goed-afgerigte jong hond. Bowendien is hy uitbundig gelukkig omdat sy vermoë sy behoeftes ver oortref. Hy ken sy medemens nog nie, hy redeneer nie, „his sole motive is sensuous pleasure" 6). Van godsdiens het hy nog nooit gehoor nie, want dit sou dwaas wees om sy huidige geluk aan 'n onsekere toekoms op te offer 7); van sedelike tug en gehoorsaamheid weet hy niks, want dit sou wreed wees „to increase (his) servitude by

1. Emile, p.31.
2. Emile, p.30.
3. Emile, p.40.
4. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.232.
5. Emile, pp.126-7.
6. Davidson : Rousseau, p.137.
7. Emile, p.42.

obedience to our caprices" 1).

(c.iv) <u>Leerjare</u>.

Die derde periode (12-15 jaar) is die tydperk vir die ontwikkeling van die verstand - „the time for work, instruction, and inquiry" 2). Hiervoor is daar drie rustige jare voordat die verbeelding en die hartstogte ontwaak. Die rede is op hierdie stadium nog „a sort of sixth sense, called common-sense,... because it results from the well-regulated use of the other five, and teaches the nature of things by the sum-total of their external aspects" 3). Emile moet nou sy omgewing leer verstaan deur die uiterlike verband tussen dinge te sien. Sy eie natuur moet egter die keuse van studievakke bepaal: slegs dié dinge wat hom raak 4), wat vir hom nuttig is 5), wat geen kennis van ingewikkelde sosiale verbande 6), of 'n hoog-ontwikkelde intelligensie 7), of emosie 8), vereis nie. Sy wêreld word vir hom vereenvoudig tot dié van Robinson Crusoe; hy word as eenloper self ontdekkingsreisiger en uitvinder, en hy leer 'n paar elementêre natuurfeite uit die aardrykskunde, sterrekunde, natuurkunde, ens., 'n paar natuurlike kunste soos landbou, en 'n ambag soos kabinetmakery. Liggaamlike oefening en handearbeid „unconsciously arouse thought and reflextion in my pupil...", want sy meester se ideaal is: „He must work like a peasant and think like a philosopher, if he is not to be as idle as a savage" 9). Rousseau erken: Emile weet min, maar hy weet dat hy min weet, en hy weet hoe om meer kennis te bekom; sy kennis is „confined to nature and things. The very name of history is unknown to him, along with metaphysics

---

1. Emile, p.52.
2. Emile, p.129.
3. Emile, p.122.
4. Emile p.170.
5. Emile,pp.141, 146.
6. Emile, pp.129, 146, 148.
7. Emile, p.129.
8. Emile, p.132.
9. Emile, p.165.

and morals. He knows the essential relations between men and things, but nothing of the moral relations between man and man. He has little power of generalisation, he has no skill in abstraction". Daarteenoor is hy hardwerkend, matig, geduldig, standvastig, moedig, en nie bang vir die dood nie. „In a word, Emile is possessed of all that portion of virtue which concerns himself. To acquire the social virtues he only needs a knowledge of the relations which make those virtues necessary....He is alone in the midst of human society, he depends on himself alone.... Without disturbing the peace of others, he has passed his life contented, happy, and free, so far as nature allows 1). - „No", werp Davidson teë, „as far as Rousseau's utterly false views of Nature have allowed. In fact, Émile has all the time been caged, watched, and trained in ignorance into complete artificiality". Aan die einde van die puberteitsjare is hy „an altogether fantastic and impossible creature, a human automaton, neither man nor beast, utterly unloving and unlovable. Instead of being richly and plastically moulded by the manifold influences of society, he has been cast in a rigid, beggarly mould, by one man's cold caprice, calling itself natural necessity" 2).

(c.v) Adolessensie.

Die adolessensieperiode (15-20 jaar) breek aan. Die verstandsmens word 'n gevoelsmens. Nou is dit die tyd „to make him loving and tender hearted, to perfect reason through feeling 3). Die eerste hartstog, die seksinstink, ontwaak onder die prikkeling van die verbeelding 4). Dis 'n tweede geboorte. Deur die eerste geboorte het hy bloot 'n mens geword; deur die tweede word hy 'n man. Nou begin hy waarlik te lewe; „henceforth no human passion is a stranger to him 5). Die natuurlike hartstogte „are the

---

1. Emile, pp.169-171.
2. Davidson : Rousseau, p.155, ook voetnoot.
3. Emile, p.165.
4. Emile, p.298.
5. Emile, p.173.

means to freedom, they tend to self-preservation;" die onnatuurlikes soos jaloesie en haat verslaaf die mens 1). Deur 'n natuurlike seksopvoeding moet hierdie vryheid verseker word. Die verbeelding moet onder die bedwang van die gevoel geplaas word 2) - blykbaar bedoel Rousseau die edele sosiale gevoelens van vriendskap, medelye, ens.

Uit die seksinstink ontstaan die sosiale instink. „His first passion soon arouses the rest....; from the need of a mistress there soon springs the need of a friend" 3). Die „onnatuurlike" sosiale gevoelens soos selfsug, haat, ydelheid en trots moet voorkom word, en die „natuurlikes" moet bevorder word. Deur medelye met noodlydendes te wek, deur sy hart vir sy medemens oop te stel, en deur hom tot 'n weldoener van die armes te maak, „we must... stimulate in him the first impulses of nature" 4). Die selfsugtige, egosentriese Emile van sestien jaar moet na sowat twee jaar 'n ware filantroop word!

Die sosiale wese word nou ook 'n sedelike wese. Die gewete ontwaak. „From the feelings of love and hatred spring the first notions of good and evil" 5). Om 'n begrip van die goeie te kry moet staatsleer en sedeleer hand aan hand bestudeer word 6). Geskiedskrywers verdraai die feite deur hul eie opinies te gee. As Emile menskennis uit die geskiedenis wil opdoen, dan moet hy net die feite leer en sy eie oordele vel 7).

Eindelik ontwaak ook die natuurlike drang om God te dien. Rousseau lê die kort begrip van die natuurlike godsdiens 8) as sy ideaal in die mond van die Vikarius van Savoye. Godsdiens „needs no revelation" 8), die stem van die gewete in die hart van die mens is sy gids. „Conscience! Conscience! Divine instinct

---

1. Emile, pp.175-6.
2. Emile, p.180.
3. Emile, p.175.
4. Emile, p.187.
5. Emile, p.196.
6. Sien Emile, p.197.
7. Emile, pp. 200-1.
8. Emile, p.259.

immortal voice from heaven; sure guide for a creature ignorant and finite indeed, yet intelligent and free; infallible judge of good and evil, making man like to God!" 1). Die gewete „speaks to us in the language of nature"; die mens is dus verlos van die noodsaaklikheid om filosofie - die produk van die „unbridled understanding" - te studeer om tot kennis van die sedelikheid te kom 1). Hy moet net sy eie hart volg. Ook in die godsdiens erken Rousseau dus geen gesag van buite nie. Die natuurlike lig van die eie gewete, die eie hart, is voldoende - dis onfeilbaar! Ook hier is vryheid daarom niks anders as subjektiwisme, individualisme en anargisme nie 2).

Ter afsluiting van die vierde boek gee Rousseau dan nog sy persoonlike opvatting van ware aardse geluk - 'n idilliese, vry, sorgelose lewe in „a little cottage" in die vrye natuur, waar sy gaste, mans en vrouens, die „good things" van 'n lewe volgens die natuur saam met hom kan geniet. Hy stipuleer wel dat hy nie nou na die sedelike goeie verwys nie, „but only to that which depends on the body, on real delight" 3). Davidson se slotsom ná 'n deeglike studie van Rousseau se lewe en werk is egter dat sedelikheid vir hom niks anders beteken het nie as „a careful calculation of the possibilities of undisturbed sensual enjoyment" 4). Daarin bestaan dus die vryheid wat voortspruit uit die navolging van die natuur - in die sin van Rousseau.

(c.vi) Die jongman

Die laaste stadium is die tydperk van liefde en huwelik. Emile se geestelike vorming is egter nog nie voltooi nie. 'n Hoogs onverwagte eis van sy goewerneur wag hom nog. Nadat hy

---

1. Emile, p.254.
2. Sien Davidson : Rousseau, p.167.
3. Emile, p.310. Sien pp.310-8.
4. Davidson : Rousseau, p.177.

drie maande in hartstogtelike liefde vir sy verloofde, Sophie, gelewe het, kom Rousseau eensklaps met die eis dat hy haar vir twee jaar moet verlaat om te reis en die pligte van 'n burger te leer ken, maar boweal om sy begeertes en hartstogte deur die (vroeër veragte!) rede te oorwin, en so die ware geluk en deug te erlang. "What is meant by a virtuous man? He who can conquer his affections; for then he follows his reason, his conscience; he does his duty; he is his own master and nothing can turn him from the right way. So far you have had only the semblance of liberty, the precarious liberty of the slave who has not received his orders. Now is the time for real freedom; learn to be your own master; control your heart, my Emile, and you will be virtuous" 1). Met so'n ommeswaai is Rousseau aan sy eie beginsels ontrou, soos Davidson tereg oordeel. "The tutor, who has hitherto spoken and acted like an optimistic Epicurean, declaring that his sole desire was to secure the happiness of his pupil, now suddenly changes his tone and adopts that of a severe, pessimistic Stoic". "But the worst feature of the whole matter is that, while calling upon his pupil to obey the voice of reason and conscience, Rousseau shows no reason why this voice should be obeyed, any more than the voice of passion and interest. So far as we are shown, both are equally subjective and blind, and there is no third faculty to be umpire between them". Die nuwe sedewet berus eenvoudig op 'n ongemotiveerde "kategoriese imperatief" 2).

Emile keer dan ook na twee jaar terug om Sophie te kom haal. Nou het hy geleer wat ware vryheid is. In "pessimistic, Stoic independence" 3) verklaar hy dat hy vryheid in onderwerping aan die "bonds of necessity" gevind het. Geen rykdom of armoede of dood sal oor hom heers nie. Hy sal sy boeie in vryheid dra. Hy begeer net wat is, daarom hoef hy nie teen die noodlot te

---

1. Emile, p.408.
2. Davidson : Rousseau, pp.190, 194, 195.
3. Davidson : Rousseau, p.199.

stry nie. Daar is nog net een boei wat hom bind - die hartstog om sy vrou te besit. Sodra Sophie sy eie is, sal hy volkome vry wees 1). Sy goewerneur is verheug oor die feit dat hy die groot lewensles geleer het dat daar geen vryheid onder menslike wette bestaan nie; „for the wise man....the eternal laws of nature and of order....are written in the depths of his heart by conscience and reason; let him obey these laws and be free"2).

As ons 'n terugblik op Rousseau se opvoedingsdoelstellings oor die vyf lewensperiodes werp, dan moet ons - altans wat die eerste vier stadia betref - met Davidson saamstem dat „Rousseau's educational system was meant to be a preparation for that sort of life which his own nature pictured to him as the highest - a quiet, uneventful unreflective, half-animal, half-childish "natural" life, free from serious tasks, aims, or duties, - the life of a savage, conceived as sensitive and capricious, but kind and lazy" 3). Hierin het ons 'n verwerping van alle menslike en goddelike gesag, en 'n vryheid wat, „starting from an utterly calumnious notion of child-nature, and of human nature in general, and ignoring all that is characteristic and noble in both", uitloop op roekelose individualisme, „destructive of all social institutions, and all true civilization. Its aim is the undisputed rule of caprice" 4). Selfs waar Rousseau in die laaste periode na die ander uiterste van volslae onderwerping aan die uiterlike gesag van die wet oorslaan, vind hy die bron van die vryheid (en van die gesag) nog in die natuurlike lig van die menslike hart en gewete alleen, sonder dat hierdie hart en gewete deur die goddelike openbaring 5) verlig word. Dit bly 'n subjektiwistiese vryheid nie in eerbiediging nie maar in Stoïsynse minagting van die wet.

1. Emile, pp.436-7.
2. Emile, p.437.
3. Davidson : Rousseau, p.99.
4. Davidson : Rousseau, p.120.
5. Sien Emile, p.259.

(d) In die Tug.

(d.i.) Algemeen.

„Volg die natuur!" is Rousseau se leuse ook ten opsigte van die tug en die metode van die opvoeding. Die tug is vir hom die proses van gewoontevorming waardeur ons natuurlike neiginge op die gewaarwordinge uit die omgewing reageer deurdat ons die dinge wat hulle veroorsaak najaag of vermy, „at first because they are pleasant or unpleasant, then because they suit us or not, and at last because of judgments formed by means of the ideas of happiness and goodness which reason gives us". Hierdie neiginge mag egter nie deur die gewoontes gerem of deur vooroordeel verdraai word nie; hulle moet versterk word, nie verstik word nie. „Everything should....be brought into harmony with these natural tendencies" 1). Die geheim van die tug is dus die vrye uitlewing van die natuurlike neiginge, onder die kontrole van 'n inwendige beginsel - „some internal value or aspect of life which varies according to the stage of development", soos McCallister 2) dit uitdruk. Rousseau vul die drie wat hy hier noem later aan, sodat die leerling uiteindelik vir sy vyf lewensperiodes 'n stel van vyf beginsels het, almal binne homself, waaraan hy, as aan 'n self-voorgeskrewe wet, sy natuurlike neiginge aanpas: lus en onlus vir die eerste periode; die wet van natuurnoodwendigheid vir die tweede; nut vir die derde; geluk en deug, „happiness and goodness", vir die vierde; die rede en die gewete vir die vyfde. Die vryheid van die opvoedeling kan alleen verseker word mits hy in elke periode deur die besondere beginsel vir daardie bepaalde periode beheer word, en deur geen ander nie. Uit hierdie beginsel spruit weer Rousseau se negatiewe beginsel voort, wat hy self beskryf as „the greatest, the most important, the most useful rule of education", naamlik: „Do not save time, but lose it" 3).

---

1. Emile, pp.6-7. Onderstreping deur my.
2. McCallister: the Growth of Freedom in Educ., p.241.
3. Emile, p.57.

"Leave childhood to ripen in your children" 1). In ander woorde: stel uit, weerhou elke nuwe aspek van die opvoeding totdat die kind die stadium van rypheid daarvoor bereik het. Fisiese en sintuiglike opvoeding - en dit alleen - hoort in die eerste twee periodes tuis; verstandelike opvoeding word uitgestel tot die derde; sosiale, sedelike, godsdienstige en seksopvoeding tot die vierde, wanneer die emosies ontwaak; terwyl die jong bruidegom eers in die laaste periode aan sy rede en gewete toevertrou word.

Vervolgens bespreek ons die verhouding tussen die vryheid van die natuurlike neiginge en die gesag van die natuurbeginsel met verwysing na die besondere plek wat die onderwyser inneem - in elk van die vyf stadia afsonderlik.

(d.ii) Kleinkinderjare.

Die kind is tydens die eerste periode nog lank nie 'n sedelike wese nie. "Before the age of reason we do good or ill without knowing it, and there is no morality in our actions..." 2). "All wickedness comes from weakness. The child is only naughty because he is weak; make him strong and he will be good; if we could do everything we should never do wrong"3). Positiewe sedelike opvoeding kan eers in die vierde periode begin, nadat die rede ontwaak het. Intussen moet die tug in die vroegste jare bloot negatief wees. "It consists, not in teaching virtue or truth, but in preserving the heart from vice and from the spirit of error" 4). Die kind se lus- en onlusgevoelens vorm die enigste aanknopingspunt. As hy 'n lusgevoel ervaar is hy stil; aan onlus gee hy luidkeels uiting. Die opvoeder moet die gehuil noukeurig bestudeer om sy optrede te bepaal. Word die kind geslaan vir 'n werklike behoefte, leer dit hom slaafse gehoorsaamheid;

1. Emile, p.58.
2. Emile, p.34.
3. Emile, p.33. Payne se lakoniese kommentaar is kostelik: "Nero and Charles V, for example!" Payne : Rousseau's Emile, p.31, voetnoot.
4. Emile, p.57.

word hy gepaai vir 'n denkbeeldige behoefte, leer dit hom tiranniseer 1). Fisiese node moet verhelp word; van giere moet geen notisie geneem word nie. Die gees van hierdie reëls is „to give children more real liberty and less power, to let them do more for themselves and demand less of others; so that by teaching them from the first to confine their wishes within the limits of their powers they will scarcely feel the want of whatever is not in their power"2). Die kind se vryheid moet nie deur knellende klere of dwingende gewoontes 3) beperk word nie. „Prepare the way for his control of his liberty and the use of his strength by leaving his body its natural habit, by making him capable of lasting self-control, of doing all that he wills when his will is formed" 4).

Die leerling se vryheid mag dus slegs deur die gesag van die natuur beheer word. As Rousseau daarom die opvoeder in die proses inbring, maak hy daarvan seker dat hy aan hom geen persoonlike gesag toeken nie. Hy is slegs 'n verteenwoordiger van die natuur. Die pasgebore kind is reeds „a disciple, not of his tutor, but of nature. The tutor merely studies under this master, and sees that his orders are not evaded" 5). Hy mag egter drasties optree, deur die strengste toesig 6) in te stel, en selfs deur isolasie 7)

---

1. Emile, p.15.
2. Emile, p.35.
3. Emile, p.30 : „The only habit the child should be allowed to contract is that of having no habits". 'n Goeie voorbeeld van Rousseau se retoriese oordrywing. Hy het sopas gesê: „Education itself is but habit"(p.7.). Hy besef dat gewoontevorming onmisbaar is vir alle aanpassing en vooruitgang, maar wil net in 'n paradoks uitdruk dat die mens nie die slaaf van meganiese gewoontes mag word nie. Clyde Hissong (The Activity Movement, p.111) verseker ons egter dat „Habit(s) need not bind us to fixed routines; they may bring us freedom in meeting the new confusion that the present presents to us".
4. Emile, p.30.
5. Emile, p.28.
6. Emile, p.16.
7. Ten opsigte van hierdie isolasie gee Rousseau aanleiding tot heelwat misverstand. Soms is Emile net uit die stad na 'n plattelandse gehuggie verwyder (p.59); soms is hy weer „a savage who has to live in town" (p.167); soms is hy 'n weeskind, en alone in the midst of human society"(p.170); soms ontvang hy uitnodigingskaartjies van sy ouers (p.81)!

uit die gewone gemeenskap voor te skryf - mits dit alles in naam van die natuur gedoen word!

(d.iii) Kinderjare.

Die tug in die tweede periode staan eweëens in die teken van die negatiewe beginsel: dat die kind slegs moet doen „what he is able to perform"1), dit wil sê net dié dinge waarvoor hy ryp is, en dat alle ander dinge uitgestel word. Volgens Rousseau se geïmproviseerde sielkunde is die twaalfjarige kind totaal onvatbaar vir verstandelike, sosiale, sedelike en godsdienstige motiewe. Daardeur is vier groepe positiewe tugmiddele onmiddellik uitgeskakel: alle redenering, alle tussen-menslike verhoudinge (gesag, gehoorsaamheid, lojaliteit, eerbied, liefde, samewerking, ens.), alle etiese begrippe (goed en kwaad, plig en deug, en veral alle beroepe op 'n vae veraf toekomsgeluk), en deste meer alle sprake van godsdiens. Dus bly slegs die fisiese wêreld oor vir positiewe aanpassing; op al die ander terreine mag daar hoogstens 'n negatiewe tug wees.

Die enigste positewe gesag waarvoor die kind moet swig is dus die „heavy yoke of necessity,.....which nature has imposed upon us" 2). Menslike gesag en menslike wette werk demoraliserend. „There are two kinds of dependence; dependence on things, which is the work of nature; and dependence on men, which is the work of society. Dependence on things, being non-moral, does no injury to liberty and begets no vices; dependence on men... gives rise to every kind of vice...."3). Daarom „let him find this necessity in things, not in the caprices of man; let the curb be force, not authority" 4). Menslike gesag maak hom rebels; gesag van dinge maak hom „patient, equable, calm and resigned"5).

1. Emile, p.15.
2. Emile, p.55.
3. Emile, p.49.
4. Emile, p.55.
5. Emile, p.55. Rousseau het waarskynlik nooit gesien dat 'n kind ook aan lewelose voorwerpe kwaadwilligheid toeken, en hom op die „stoute tafel" wat hom seermaak wreek nie.

Rousseau verlang dus dat die jong kind „as a senseless being, an automaton" 1), slegs deur die ysere wet van die natuur regeer moet word, nie deur die liefdewet van die mens nie 2).

Uit die negatiewe beginsel darenteen, naamlik dat die twaalfjarige nog geen menslike gesag mag ondervind nie, volg 'n stel pynlike voorsorgmaatreels, wat op 'n hele reeks moenies vir die tug in hierdie periode uitloop. Moenie hom leer gehoorsaam nie!3). Woorde soos „gehoorsaam", „beveel", „plig" 4), „asseblief" 5) en „ekskuus" 6) moet uit sy woordeskat verban word, „but the words strength, necessity, weakness and constraint must have a large place in it" 7). Moenie hom leer beveel en tiranniseer deur hom alles te gee waarom hy vra of huil nie 8). Moenie met hom redeneer nie. „It is no part of a child's business to know right and wrong, to perceive the reason for a man's duties....Use force with children and reasoning with men" 9). Moenie gebied nie 10); moenie verbied nie maar verhoed, maak dit onmoontlik; as daar iets is wat hy nie moet doen nie, „do not forbid him, but prevent him" 11); jy leer die kind net leuens vertel deur hom dinge te verbied 12). Moenie hom straf nie, want hy weet nie wat dit is om kwaad te doen nie 13). Laat die natuurlike gevolge van sy daad hom straf: as hy 'n ruit gebreek het, laat hom in die trek slaap en koue vat 14). Selfs die redelose diere leer deur Rousseau se metode om volgende keer slimmer te wees, merk Davidson tereg op, „but they never rise to morality" 15). Moenie die kind se lewe

1. Emile, p.58.
2. Sien Davidson : Rousseau, p.120.
3. Emile, p.52.
4. Emile, p.53.
5. Emile, p.50.
6. Emile, p.56.
7. Emile, p.53.
8. Emile, p.51.
9. Emile, pp.54-5.
10. Emile, p.55.
11. Emile, p.55, 49.
12. Emile, p.67.
13. Emile, p.56.
14. Emile, pp. 64-5.
15. Davidson : Rousseau, p.125.

versuur met verre toekomsideale nie; hy is nou 'n sedelike wese wat die lewe moet geniet! 1) Moenie die kind leer om goed te doen nie, maar om niemand kwaad te doen nie; "the noblest virtues are negative" 2). Moenie die kind iets leer voordat hy dit ten volle kan verstaan nie: bv. sedelessė 3), fabels met 'n mōraal 4), of godsdiens 5).

Om hierdie negatiewe tug oor die leerling uit te oefen is dit noodsaaklik dat die opvoeder absolute kontrole oor alles en almal in die kind se omgewing moet hê 6). Dit bring ons by die kernpunt in Rousseau se tug: "No doubt he ought only to do what he wants, but he ought to want to do nothing but what you want him to do. He should never take a step you have not foreseen, nor utter a word you could not foretell" 7). Hier lê Rousseau se groot moeilikheid: hoe om die kind se eie innerlike kontrole met dié van sy leermeester in ooreenstemming te bring. Rousseau se oplossing lê in die beginsel van „well-regulated liberty" 8). Enersyds moet die kind deur sy eie innerlike kragte aangedryf word: hy moet net doen „what nature asks of him" 9); die opvoeder moet niks meer van hom verwag nie as „the conduct that springs from his inclinations 10); hy moet nooit op aandrang van 'n ander se persoonlike gesag handel nie 11). Andersyds erken Rousseau dat hierdie vryheid van die kind se eie kragte deur die gesag van die opvoeder beheer moet word. Rousseau probeer die twee skynbaar onversoenlike eise versoen deur sy gereguleerde vryheid. Die opvoeder moet sy persoonlike gesag verberg. "Do not even let him think that you claim any authority over him"12).

1. Sien Emile, pp.42-3.
2. Emile, p.69.
3. Emile, p.54.
4. Emile, p.77.
5. Emile, p.220.
6. Sien Emile, p.59.
7. Emile, p.85.
8. Emile, p.56.
9. Emile, p.57.
10. Emile, p.125.
11. Emile, p.55.
12. Emile, p.55.

„Let him always think he is master while you are really master. There is no subjection so complete as that which preserves the forms of freedom" 1). „Well-regulated liberty" word dan ook deur McCallister beskrywe as „a method of control without the appearance of authority" 2). Die hondjie word nog gelei, maar sonder 'n leiband; „control is exercised through the very things that the boy himself wants to do" 3). Die opvoeder bring die kind onder die indruk dat sy gesag deel van die natuurwet is; daarom verbied hy nie, maar hy verhoed. As hy egter eenmaal verbied het, dan is sy „Nee" so onverbiddelik soos „a wall of brass" 4).

Davidson som die tugbeginsels in die tweede periode pittig op: „(1) Do everything to place children in easy, fearless contact with sub-human nature and its necessary laws; that is, make them, as far as possible, automata; (2) Do everything to prevent their having any relations to human nature, as such, by withdrawing them, as far as possible, from society, and turning those persons with whom they <u>must</u> come in contact into automata; (3) Hoodwink them into thinking that everything which you, as the representative of Nature, desire them to do, is imposed by natural necessity" 5).

Morele gesag bestaan vir die kind nie, dus ook geen morele vryheid nie - hoogstens morele ongebondenheid. Daarnaas geniet hy die fisiese vryheid van 'n outomaat onder die gesag van die natuurnoodwendigheid. Davidson kan nie help om die vergelyking met die „lyk" 6) van die Jesuïete te tref nie. „After all, a God-animated corpse is better than an automaton. But neither has any moral freedom" 7).

(d.iv) <u>Leerjare</u>.

Die derde periode (12-15 jaar) word deur die vorming van die

---

1. Emile, p.84.
2. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.241.
3. McCallister : ibid., p.233.
4. Emile, p.55.
5. Davidson : Rousseau, pp.128-9.
6. Sien bo, p.176.
7. Davidson : Rousseau, p.129, voetnoot.

verstand in beslag geneem. Die tug bly intussen nog negatief. Die klem verskuif egter van die „law of necessity" na 'n nuwe inwendige kontrolebeginsel, die wet van die nuttige 1). Dit moet egter 'n nuttigheid wees wat die leerling self kan verstaan, nie wat vaagweg aan hom voorgeskilder word as goed nie. „Nothing is good for him but what he recognises as good" 2). 'n Bietjie verderaan wys Rousseau op die wyduiteenlopende beskouings oor die goeie wat vervat is, enersyds in die „primitive simplicity" van die natuurmens wat die lewe as sy kosbaarste besit ag, en vir wie „everything is permissible" om sy bestaan te beveilig, en andersyds in die „principles, which teach the good man to count his life a little thing and to sacrifice it at duty's call" 3). Dis seker nie ongeregverdig om uit hierdie kontras af te lei dat Rousseau 'n analoë teëstelling tussen die kind en die volwassene se opvattinge van die goeie sien nie - temeer daar hy sy simpatie onmiskenbaar aan die kant van die natuurmens inwerp: „Happy are those nations where one can be good without effort, and just without conscious virtue" 4). Dit bewys weer dat vir Rousseau sedelikheid 'n saak van natuurlike instink was, eerder as van dissiplinering en staling van die sedelike wil 5).

Emile is egter nie bang vir die dood nie, want hy het vroeg reeds geleer „to submit...to the law of necessity....To live in freedom, and to be independent of human affairs, is the best way to learn how to die" 6). Die jong heiden is deur 'n verderflike negatiewe opvoeding weggehou van die vryheid van die Christen, vir wie „die sterwe wins" 7) is. Rousseau is hoogs tevrede dat sy leerling „no vices" en „no errors" besit nie - behalwe „those from which no man can escape" 8) - dus geen sonde behalwe dié

1. Emile, p.130.
2. Emile, p.141.
3. Emile, p.156.
4. Emile, p.156.
5. Sien Davidson : Rousseau, p.147, voetnoot.
6. Emile, p.170.
7. Filip. 1:24.
8. Emile, pp.170-1.

wat ander mense ook het nie! Met so'n maatstaf van goed en kwaad kan daar geen sprake van tug en sedelikheid wees nie.

(d.v) Adolessensie.

Die adolessensieperiode, wanneer die sekshartstog eensklaps soos 'n tweede geboorte ontwaak, en van die mens 'n sosiale en sedelike wese maak, is die gulde tydperk vir positiewe sedelike opvoeding.

Aanvanklik moet die seksopvoeding egter ook negatief wees. Die seksdrang moet so lank as moontlik van sy natuurlike bevrediging weerhou word 1). In die natuurlike opvoeding is dit die sinne wat op hul bepaalde tyd die verbeelding opwek; in die verdraaide opvoeding van die mense word die sinne deur te vroeë prikkeling van die verbeelding aangevuur 2). „Put off their dawning imagination with objects which, far from inflaming their senses, put a check to their activity" 3). Hul nuuskierigheid moet nie aangeblaas word deur 'n sluier van geheimsinnigheid 4) oor die aangeleentheid te hang, of deur die „artless liberty" van die alledaagse benaminge deur verfynde taal te verdoesel nie 5); ook nie deur te vroeg seksinligting te verskaf nie. Die essensiële minimum moet voor hul tiende jaar meegedeel word en origens moet hul „in absolute ignorance" 6) gehou word totdat „nature will take care to enlighten her pupil" 7).

Die allerbeste negatiewe middele vir die seksopvoeding is egter die sosiale en sedelike opvoeding. Ten opsigte van die opvoeding van die hartstogte „the sum of human wisdom.....(is) first, to be conscious of the true relations of man.....; second, to control all the affections in accordance with these relations"8).

---

1. Sien Emile, p.181.
2. Sien Emile, p.176.
3. Emile, p.192.
4. Emile, p.177.
5. Emile, p.177, 178.
6. Emile, p.178.
7. Emile, p.180.
8. Emile, p.180.

Die verbeelding moet deur die regte gesindheid teenoor die medemens beteuel word. Die behoefte aan 'n lewensmaat wek die geneentheid tot die medemens op 1). Hierdie sosiale neiging is egter 'n natuurdrang. „Man's weakness makes him sociable. Our common sufferings draw our hearts to our fellowcreatures" 2). Die sestienjarige adolessent het self lyding deurgemaak; as hy nou die lyding van sy medemense aanskou, verplaas sy pas-ontwaakte verbeelding hom in hulle posisie, en sy hart word geroer deur „the first touch of pity he has ever known" 3). Deur by hierdie natuurlike medelye aan te knoop, dit te versterk deur hom die ellende en lyding van die lewe te wys 4); deur hom te leer om geen vertroue in die onsekere waardes van rykdom, afkoms of gesondheid te stel nie 5); deur met teerheid en medelye oor die menslike geslag te praat, en deur alle beroepe op eiebelang, eersug en hoogmoed te vermy, - so wil Rousseau die liefde vir alle mense in die hart van sy Emile wek 6).

Die liefde vir die mensegeslag kom tot uiting in die liefde vir die individue wat die naaste aan hom is. Nou vir die eerste keer besef Emile in dankbaarheid wat hy aan sy opvoeder verskuldig is, en dié dankbaarheid smee 'n band van blywende gehegtheid wat hom - ook vir die eerste keer - aan die persoonlike gesag 7) van die opvoeder bind. Hierdie weerliefde van die opvoedeling moet egter spontaan kom. Die opvoeder mag dit nie soek of suggereer nie. „The heart is a law unto itself; if you try to bind it, you lose it; give it its liberty, and you make it your own" 8).

Hierdie sosiale gesindheid verskaf 'n geleentheid om die seksdrang te sublimeer en in breër kanale te lei: na sorgvuldig-geselekteerde „company,....occupations, and...pleasures", weg

---

1. Emile, p.175.
2. Emile, p.182.
3. Emile, p.183.
4. Emile, p.185.
5. Emile, p.185.
6. Emile, p.187.
7. Emile, p.196.
8. Emile, p.195.

van die prikkelende grootstad, in die "rural simplicity" van die platteland; na die versagtende invloed van siekebesoek en noodleniging 1); en na die vorming van goeie smaak 2). As dié hartstogte nog ontembaar bly, kan hy miskien genees word deur hom in 'n hospitaal die fisiese gevolge van onbeteuelde seksuele lus te laat sien 3). "Thus by a sparing use of examples, lessons, and pictures, you may blunt the sting of sense and delay nature while following her lead" 4).

Die liefde vir die medemens lei tot die liefde vir die goeie 5). Die sedelike opvoeding, wat 'n vrug van die sosiale en staatsburgerlike vorming is, is nog 'n magtige middel om die sekslewe sover as moontlik terug te skuif. Deur die voorbeeld van ander mense, sowel tydgenote as figure uit die geskiedenis en die staatsleer, doen hy mensekennis op. Sy opvoeder sorg dat sy ervaring so gekontroleer word dat hy die les leer, dat die mens van nature goed, maar die gemeenskap bedorwe is 6), en dat hy uit sy mensekennis die regte keuse kan doen tussen die goeie en kwaaie hartstogte as rigsnoer vir sy lewe 7). Die keuse word dan ook dadelik in die praktyk toegepas deur hom te leer om liefdadigheid te beoefen, want "by doing good we become good" 8). Hoe meer Emile ander probeer gelukkig maak, hoe beter leer hy onderskei tussen goed en kwaad. So word die resultaat bereik dat "(the) noble feelings stifle the lesser passions in his heart" 9).

Voordat die seksuele hartstogte onkeerbaar word is daar nog één instrument wat in sy hand gegee moet word om hulle onder beheer 10) te hou: godsdiens. Getrou aan sy afkeer aan alle gesag,

---

1. Emile, p.192.
2. Emile, p.305.
3. Emile, p.193.
4. Emile, p.193.
5. Emile, p.196.
6. Emile, p.198.
7. Emile, p.197.
8. Emile, p.212.
9. Emile, p.215.
10. Emile, p.222.

besluit Rousseau om Emile nie in die godsdiens van sy vader op te voed nie, maar in die natuurlike religie - wat veronderstel is om die grootste gemene deler van alle godsdienste te wees - en dan aan hom die vryheid te laat om later by die kerk van sy eie keuse aan te sluit 1). Die godsdiens verskaf nie alleen aan die opvoeder „a fresh hold over (his) pupil" nie, maar ook aan die leerling „a real motive for being good....for the love of the Author of his being" 2). 'n Mens mag wel vra of dit dieselfde Rousseau is wat die verre vae toekomsideaal so smalend as „slavery, deceit, and trickery" 3) bestempel het. Hy voel self die teenstrydigheid met sy vroeëre ideale, daarom sê hy: „You smile when I expect to make a thinker, a philosopher, a young theologian, of an ardent,..and fiery young man, at the most impulsive period of youth" 4). Inderdaad, Emile se nuwe sedelike norme „seem to descend upon him, like manna from heaven, when he reaches the desert of human wrong-doing" 5). Trots onderwerp hy hom aan die „yoke of his growing reason" 6).

Deur middel van hierdie verhewe sosiale, sedelike en godsdienstige waardes „the young man's desires may be kept in ignorance and his senses pure up to the age of twenty" 7). Die kritieke tydstip kan egter nie langer afgeweer word nie. „Nature's due time comes at length, as come it must" 8). Die tydperk van negatiewe opvoeding van die hartstogte is verby. Nou moet die opvoeder 'n gans ander toon aanslaan teenoor sy leerling. „He is still your disciple, but not your scholar. He is a man and your friend; henceforth you must treat him as such" 9). Temidde van die toenemende gevaar „he will follow the blind instinct of

1. Emile, p.223.
2. Emile, p.279.
3. Emile, p.47.
4. Emile, p.279.
5. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.236.
6. Emile, p.280.
7. Emile, p.282.
8. Emile, p.281.
9. Emile, p.281.

his senses....There is only one reasonable course open to me; I must make him accountable for his own actions" 1). Die opvoeder moet sy gesag abdikeer; totdusver „you had to constrain or deceive him to gain his obedience"; voortaan kan hy op die nuwe vryheidsbande vertrou wat hy om sy leerling se hart gesmee het: „reason, friendship, affection, gratitude...." 2). Die uur kom nader. Die opvoeder berei sy leerling voor om die geheime en gevare van die lewe aan hom te openbaar. Hartstogtelik, geroerd, bewoë - en melodramaties! - stort hy sy hart in Emile se hart uit, en gee aan hom sy volle vryheid en verantwoordelikheid - met 'n sentimentele beroep op sy erkentlikheid vir wat hy in twintig jaar vir hom gedoen het! 3). Emile, die swakkeling, gee egter die gesag vrywillig aan hom terug en belowe om sy onderdanige dissipel te bly: „I mean to obey your laws....; make me free by guarding me against the passions which do me violence; do not let me become their slave; compel me to be my own master and to obey, not my senses, but my reason" 4). Sy opvoeder aanvaar weer die gesag, gemaak-huiwerig, en neem hom voor „to avoid the necessity of using it" 5). Die tradisionele opvoeding wil die kind onderdanig hê op tien jaar en vry op twintig; Rousseau se ideaal is presies die omgekeerde. „I allow him a show of freedom, but he was never more completely under control, because he obeys of his own free will" 6). So lyk Rousseau se „well-regulated liberty". Dis egter nog nie die ergste nie.

Die opvoeder sit nou sy positiewe seksopvoeding voort. Vir Rousseau, die apostel van die uitlewing van natuurlike neiginge, word wantroue in die natuur nou 'n obsessie. Emile kan hom teen alle ander vyande self beskerm, „but it is for you to protect him against himself. „Never leave him night or day....; never

1. Emile, p.282.
2. Emile, p.281.
3. Sien Emile, pp.284-290.
4. Emile, p.290.
5. Emile, p.291.
6. Emile, p.298; Cf. p.279-280.

let him go to bed till he is sleepy, and let him rise as soon as he wakes" 1). So moet die twintigjarige baba bewaak word. Rousseau voel dat hierdie wantroue van die instinkte nie by sy teorie van die sondelose natuur pas nie; daarom laai hy weer die skuld op die bedorwe gemeenskap. „Desire is not a physical need; it is not true that it is a need at all...it is the imagination which stirs the senses". Daarom, temidde van die menslike instellings „instinct is not to be trusted". Persoonlik is hy egter oortuig „that a solitary brought up in some desert, apart from books, teaching, and women, would die a virgin, however long he lived"2). Asof selfs die bes-gekontroleerde gemeenskap ooit sonder vrouens kon bestaan! Sou die seksdrang selfs deur so'n nimmerwykende bewaking nie te beteuel wees nie, beveel Rousseau skokkende „last expedients" 3) aan wat hom in sy ware kleure wys. Dis sy grootste bekommernis dat Emile sal leer „to abuse his senses", want dit is „the most fatal habit which a young man can acquire. If you cannot attain to the mastery of your passions, dear Emile, I pity you; but....if you must be a slave, I prefer to surrender you to a tyrant from whom I may deliver you; whatever happens, I can free you more easily from the slavery of women than from yourself" 4). Om alle misverstand te voorkom, verduidelik hy dat op die twintigste jaar „continence is the law of nature....After twenty, continence is a moral duty;....But moral duties have their modifications, their exceptions....When human weakness makes an alternative inevitable, of two evils choose the least; in any case it is better to commit a misdeed than to contract a vicious habit" 5). As woorde betekenisse het dan lees ons hier dat seksuele omgang in die laaste instansie aanbeveel word as redmiddel teen seksuele versoeking! Davidson

1. Emile, pp. 298-9.
2. Emile, pp. 298-9.
3. Emile, p. 300.
4. Emile, p. 299.
5. Emile, p. 299.

se kritiek op Rousseau se karakter 1) is voorwaar nie oordrewe nie. As Rousseau dan nog vroom byvoeg: „If the first time (dat hulle saam 'n bordeel besoek „for his pupil's sake"!) has not cured the young libertine of all desire to go there again....; either he is a monster or you are a fool" 2). - dan lyk dit my meer geregverdig om te sê die leerling is 'n dwaas en sy opvoeder 'n monster. „Well-regulated liberty" beteken blykbaar soms ook losbandigheid onder toesig!

(d.vi) Die jongman.

Die opvoeder wat hom voorgeneem het om die absolute gesag wat sy leerling aan hom toegeken het so min as moontlik te gebruik, kry weldra in die laaste periode 'n geleentheid. As Emile ten spyte van alle argumente weier om sy verloofde te verlaat om te gaan reis, kom sy opvoeder met 'n magsgreep voor die dag: „Since you will not follow the commands of reason, you must submit to another master....Emile, you must leave Sophy; I will have it" 3). Davidson oordeel tereg dat, om 'n jong man van twee-en-twintig jaar, wat nog altyd sy eie neiging gevolg het (of gemeen het dat hy dit volg), skielik te beveel om sy magtigste neiging te trotseer, „is a piece of the most wanton tyranny and cruelty, an attempt to reap where one has not sowed" 4). Dat die jongman, wat nooit geleer het om te gehoorsaam nie, en geen eie belang of nut in die bevel sien nie, bowendien stilswyend gehoorsaam, is uiters laakbaar; dit bewys dat „he has not escaped from the tyranny of his fellows, or become self-determining. He has taken a vow, like a mediaeval monk, and is still subject to "obedience"" 4).

Ewe onaanneemlik as die Jesuïtiese gesag waarvoor die produk van Rousseau se opvoeding op hierdie leeftyd swig, is die

1. Sien bo, p. 312.
2. Emile, p.300.
3. Emile, p.412.
4. Davidson : Rousseau, p.194.

Stoïsynse vryheid 1) waarmee hy van sy reise terugkeer. Na die eindresultaat geoordeel was Rousseau se opvatting van vryheid en gesag in die tug radikaal vals en sy toepassing daarvan 'n volslae mislukking.

(e) <u>In die Metode.</u>

(e.i) <u>Algemeen.</u>

Elke mens het drie leermeesters, sê Rousseau. „Education comes to us from nature, from men, or from things" 2). Alleen as die drie harmonies saamwerk, kan die leerling „at peace with himself" wees. Van die drie is egter net die tweede onder die opvoeder se beheer, die derde slegs gedeeltelik, en die eerste is volkome buite sy beheer. Daarom volg dit dat „the two that we can control must follow the lead of that which is beyond our control" 3). „Volg die natuur" is dus Rousseau se leuse ook vir die metode van die onderwys. Op hierdie gebied beteken dit onder meer dat die metode (1) vereenvoudig, (2) negatief en (3) progressief moet wees - aldrie vereistes wat op die vryheid van die kind afstuur.

(e.ii) <u>Kleinkinderjare.</u>

Die negatiewe beginsel beperk die opvoeding in die kleinkinderjare tot die fisiese terrein; lus en onlus 4) is die maatstaf sowel vir die metode as vir die tug. Die wet van die natuur eis eenvoudige voeding, kleding en speelgoed vir die kind, fisiese vryheid vir beweging 5) - „the delights of liberty will make up for many bruises" 6) -; vryheid vir sintuiglike waarneming 7), vryheid om te leer praat wanneer hy self die behoefte daaraan voel 8), vryheid vir die uitlewing van die „active principle",

---

1. Sien bo, p.338.
2. Emile, p.6.
3. Emile, p.6.
4. Emile, p.29.
5. Emile, p.11.
6. Emile, p.42.
7. Emile, p.31.
8. Emile, p.40.

die ontembare doen-lus van die kind. Vernielsug is maar net 'n maklike uiting van die aktiwiteitsdrang, geen bewys van „inbred sin" nie 1). Op hierdie terrein, en hierdie ouderdom, kan ons ver gaan om Rousseau se vryheidsbeginsels te volg; maar hoewel ons heelhartig onderskryf dat kinderlike vernielsug geen opsetlike sonde is nie, nogtans is dit 'n neiging wat deur gesonde gesag beteuel en gelei moet word.

(e.iii) <u>Kinderjare</u>.

„Childhood is the sleep of reason" 2); daarom is alle formele, positiewe verstandelike opvoeding taboe. Dít is die eis van die negatiewe beginsel vir die metode gedurende die periode van vyf tot twaalf jaar. Rousseau se leuses is: „Exercise his body, his limbs, his senses, his strength, but keep his mind idle as long as you can... By doing nothing to begin with, you would end with a prodigy of education" 3). „Do not save time, but lose it" 4). Onderwys die kind „in the art of being ignorant" 5). Dít, sê Davidson verontwaardig, noem Rousseau natuurlike opvoeding; dis kunsmatig! dis kloosters! „Nature is made to exclude its highest manifestations, and then the child, instead of being allowed to come freely in contact with the brute remainder, is watched, dogged, guided, and forcibly controlled at every step; and all for the sake of keeping him in a condition of sub-moral, sub-human innocence" 6). Enersyds beweer Rousseau "that a child should not be deprived of present, for the sake of future, pleasure"; andersyds kom hy met die eis dat "he should be deprived of present, for the sake of future, instruction!" 7).

---

1. Emile, p.34.
2. Emile, p.71.
3. Emile, p.58.
4. Emile, p.57.
5. Emile, p.90.
6. Davidson : Rousseau, p.123.
7. Davidson : Rousseau, p.123.

Payne se interpretasie van Rousseau se voorskrif, „Volg die natuur", is die volgende: „Simplify your methods as much as possible; distrust the artificial aids that complicate the process of learning; bring your pupil face to face with reality; connect symbol with substance; make learning, as far as possible, a process of personal discovery; depend as little as possible on mere authority" 1). Laat ons aan die hand van hierdie leidraad die vryheid en gesag in Rousseau se metode beoordeel.

Vereenvoudig die metodes. Omdat Rousseau 'n hartstogtelike liefhebber van kinders was - in teorie altans, want sy eie vyf het hy na 'n inrigting vir vondelinge gestuur 2) - en die kind se vrye, kommerlose lewe, sy spel en geluk nie wou laat bederf nie 3), het hy gepleit vir vereenvoudigde metodes wat sou aanpas by die kind se eie kinderlike „ways of seeing, thinking, and feeling" 4). Oorywerige onderwysers, met hul mania vir onderrig en hul dwase, pedantiese metodes „are always preventing children from learning what they could learn much better by themselves" 5).

Wantrou kunsmatige hulpmiddele! Mondelinge lesse 6), fabels 7), voorskrifte 8) en boeke is taboe. „Reading is the curse of childhood"; boeke vorm „the chief cause of their sorrows" 9); en om die kind te leer skryf is benede die waardigheid van 'n opvoeder 10)! Die natuurlike belangstelling van die oomblik en die spontane begeerte om te leer is die enigste doeltreffende motivering 11). Rousseau vind Locke se letterkaarte en dobbelstene belaglik. Om Emile te leer lees sal sy opvoeder reël dat hy uitnodigingskaartjies na etes of partytjies ontvang,

1. Payne : Rousseau's Émile, p.xxxi.
2. Sien Davidson : Rousseau, p.55.
3. Sien Emile, p.45.
4. Emile, p.54.
5. Emile, p.42. Cf. p. 60.
6. Emile, p.56.
7. Emile, p.77.
8. Emile, p.84.
9. Emile, p.80.
10. Sien Emile, p.81.
11. Sien Emile, p.81.

wat hy dan misloop omdat hy nie kan lees nie. Dan sal „present interest" baie gou die dryfkrag verskaf! Aan die anderkant het Rousseau geen beswaar teen die gebruik van 'n stuk koek as 'n lokaas om Emile te leer resies hardloop nie 1). Kunsmatige middele wat die sinnelike natuur bevredig, word blykbaar onder die natuurlike middele getel! Emile word ook nie deur kompetisie, jaloesie en eersug 2) tot die werk gelok nie; die werk word vir hom tot 'n genot gemaak. Hy ken trouens geen verskil tussen werk en spel nie. "Is anything....more touching or more delightful, than a pretty child, with merry, cheerful glance..., playing at the most important things, or working at the lightest amusements?" 3). Hierdie beginsels van vermaak en onmiddellike eiebelang werk nog steeds verderflik in die onderwyspraktyk. Hulle kan as tydelike middele gebruik word, maar die enigste blywende motivering is 'n besef van plig en verantwoordelikheid - innerlike kragte wat 'n veel edeler geluk en vreugde in die studie besorg, selfs vir die twaalfjarige, as die sinlike en selfsugtige dryfvere van Emile.

Bring die kind met die werklikheid in aanraking! Hy moet deur ervaring alleen geleer word 4). Sy hele omgewing is die boek waaruit hy leer 5). Die inhoud van die gewone skoolvakke - tale, geskiedenis, aardrykskunde, ens. - word gewoonlik beperk tot waardelose ballas 6), dinge wat totaal buite die kind se ervarings - en belangewêreld lê. In die aardrykskunde behoort die kind eerder sy eie omgewing te bestudeer, en sy pad te leer vind met behulp van 'n kaart van sy vader se landgoed. Rousseau gee kostelike voorbeelde van die opvoedkundige gebruik van konkrete lewensituasies, byvoorbeeld in 'n les oor eiendom of besitreg 7), vir die oefening van die sintuie deur speletjies in die

---

1. Emile, p.106.
2. Emile, p.106.
3. Emile, p.126.
4. Emile, p.56.
5. Emile, p.76.
6. Emile, p.73.
7. Emile, pp.62-3.

donker 1), en die ontwikkeling van die kind se skattingsvermoë deur hom te laat bepaal of die leer in die waenhuis lank genoeg is om die kersies in die top van die boom by te kom 2), ens. Emile se werklikheid is egter tot die sintuiglike werklikheid beperk. „He only sees what is really there" 3). Terme soos „their future interest, their happiness when they are grown up", ens., is vir kinders absoluut betekenisloos 4). Emile „always declines to pay attention to what is beyond his reach, and listens with profound indifference to things he does not understand" 5). Nie alleen is so'n vryheid 'n dekmantel vir intellektuele luiheid nie, maar ook 'n ekskuus om geestelike waardes soos plig, gehoorsaamheid, liefde en God totaal uit sy materialistiese, fisiese wêreld te verban.

Lê verband tussen simbool en inhoud! Aardrykskundige plekname moet vir die kind nie net op die kaart bestaan nie; hul moet die kind in sy wêreld oriënteer. Die wêreld moet vir die kind nie „a sphere of cardboard" wees nie 6). Kinders onthou wel „sounds, form, sensation, but rarely ideas, and still more rarely relations". Onderwysers wat spog met hul kinders se kennis bedrieg hulself. „For what do they teach? Words! Words! Words! 7). Dis 'n misbruik van die kind se geheue om hom dinge te laat memoriseer wat hy nie verstaan nie 8). „Emile will not learn anything by heart 9). Rousseau se redenering begin suiwer, maar sy slotsom om alle memorisering te veroordeel is vals. Geen kind verstaan Psalm 23 of selfs „The Daffodils" van Wordsworth volkome nie; maar om hom te weerhou van die voorreg om dit na kinderlike verduideliking van buite te leer, is om hom van 'n

---

1. Emile, p.102.
2. Emile, p.105.
3. Emile, p.126.
4. Emile, p.72.
5. Emile, p.222.
6. Emile, p.74.
7. Emile, p.72.
8. Emile, p.71.
9. Emile, p.77.

geestelike skat en 'n lewenslange bron van besieling en geluk te beroof – terwille van ledige vryheid in sy kinderjare.

Laat die kind dinge self ontdek! Hier het ons sowel die aanskouingsmetode as die eksperimentele metode. Die kind moet deur eie ervaring leer: "Everything that comes into the human mind enters through the gates of sense ...; our first teachers in natural philosophy are our feet, hands, and eyes" 1). Rousseau sê hy gee nie voor om vir Emile meetkunde te leer nie; "he will teach me; I shall seek for relations, he will find them, for I shall seek in such a fashion as to make him find" 2). In die volgende periode sal ons op hierdie ontdekkingsmetode terugkom.

Steun so min as moontlik op blote gesag! Om boeke in die plek van ons eie waarneming te stel "does not teach us to reason, .... it teaches us to believe much and know little" 3). Emile, "Nature's pupil, ... has been trained from the outset to be as self-reliant as possible" 4). Natuurlik is selfvertroue en selfstandige denke kosbare voorwaardes vir vryheid; maar om uitsluitlik op eie ervaring te bou en alle boeke in die ban te doen, is om die ervaring van die menslike geslag deur die eeue ligsinnig te verwerp, en vrywillig tot die barbaredom terug te keer. Rousseau wil die kind opsetlik in dierlike onkunde hou 5).

(e.iv) <u>Leerjare</u>:

Met die ontwaking van die rede gedurende die derde periode breek die tydperk van positiewe verstandelike opvoeding aan. Ten spyte van hierdie nuwe element bly die metode feitlik dieselfde as in die vorige stadium. Die seun word tot studie aangedryf deur sy "natural curiosity about all things far and

---

1. Emile, p.90.
2. Emile, p.110.
3. Emile, p.90.
4. Emile, p.83.
5. Sien Davidson : Rousseau, pp.135, 136.

near which may affect himself", en wat sy "innate desire for comfort" kan bevredig 1), dus deur die nuttigheidsbeginsel. "Tot watter nut is dit?" is voortaan die "sacred formula" waaraan opvoeder en opvoedeling al hul dade toets 2); maar die kind moet die nut self kan insien; "nothing is good for him but what he recognises as good" 3). Die nutsbeginsel leer hom nou onderskei tussen werk en spel, en "more prolonged attention" aan sy studies wy. Dit lyk amper of Emile nou eindelik intellektuele dissipline gaan leer, as Rousseau beklemtoon dat "the ever-recurring law of necessity soon teaches a man to do what he does not like" 4). Die hoofmotief bly egter onmiddellike, sinlike belangstelling; hoofsaak is "that he should do nothing against his will" 5). Die natuurlike mens se geluk bestaan eenvoudig in "absence of pain; health, freedom the necessaries of life are its elements" 6). Dit is die enigste dryfvere van die kind se lewe en studie. "The happiness of the moral man ... does not concern us at present. I cannot repeat too often that it is only objects which can be perceived by the senses which can have any interest for children" 7). Rousseau sorg dus wel deeglik vir innerlike motivering - die lewensbeginsel van die kind se vryheid - maar dis 'n vryheid slegs binne die eng fisiese en verstandelike perke wat oorbly nadat Rousseau opsetlik die are van die hoër geestesuitinge toegestop en dus die toevoer van die edelste en magtigste dryfvere van die mens afgesny het.

Die logiese konsekwensie van hierdie motiveringsbeginsel is 'n leerstof waarin die suiwer-sinlike, benede-menslike wese hom miskien vry kan voel, maar wat vir die geestelike mens 'n

---

1. Emile, p.130.
2. Emile, p.142.
3. Emile, p.141.
4. Emile, p.140.
5. Emile, p.135.
6. Emile, p.140.
7. Emile, p.140.

dorsland van geestelike droogte sou wees. Robinson Crusoe as tipe van die beskaafde eenloper in 'n ongeskonde natuuromgewing bied 'n pakkende konsentrasiestof vir Emile se hele opvoeding - werk en spel - gedurende hierdie periode. "What a motive will this infatuation supply in the hands of a skilful teacher" 1). Emile se hele uitsig word dus begrens deur die gesigseinder van sodanige natuurlike en tegniese kunste as wat die natuurmens, eers as eenloper, later as gemeenskapmens, nodig het. Sy kennis bly tot sintuiglike kennis van die natuur en van dinge beperk. Die elementêrste beginsels van geskiedenis, sedeleer en metafisika is vir hom vreemd 2). Boeke bly nog in die ban 3) - behalwe "Robinson Crusoe". "Ignorance is the only way to escape error.... This is the teaching both of nature and reason" 4). Dit mag J.J. Rousseau se verdraaide natuur en verwronge intellek wees wat dit leer. Davidson bestempel hom as 'n vyand van boeke, studie, skole, universiteite en sosiale verkeer. "He despised "high thinking", and all attempts, through sustained inquiry and rigorous thought, to make the world rational, and to determine the place and destiny of man, as a rational being, in it" 5). Deur dié soort opvoeding wat Rousseau voorskryf, word die mens sekerlik nie tot geestelike vryheid opgevoed nie, maar veeleer tot die slawerny van onkunde gedoem.

Crusoe se metode van selfontdekking, waar hy uitsluitlik op sy eie inisiatief aangewys was, moet ook Emile se studiemetode wees. "Let him not be taught science, let him discover it" 6). Gesag mag nie die plek van eie redenering inneem nie. Die nut van sterrekunde moes hy leer deur self, met behulp van

---

1. Emile, p.148.
2. Emile, p.170.
3. Emile, p.147.
4. Emile, p.167.
5. Davidson : Rousseau, p.149.
6. Emile, p.131.

die sonstand, sy pad uit die bos te vind 1); aanleiding tot sy eerste les oor magnetisme was 'n towerkunstenaar se vernuftige was-eendjies wat in 'n bak water agter hul baas se hand aanswem om brood te kry 2). Die geheim moes Emile self oplos. Instrumente vir sy eksperimente moes hy self ontwerp en maak 3).

Dit bring ons by die vraag na die mate van leiding wat Emile by die uitvoer van sy proewe geniet. In teorie wou Rousseau wel "some guidance" gee, "but very little, and that little without his knowing it" 4). In die praktyk egter, kom daar weinig van die leerling se spontaneïteit en inisiatief tereg. Sy leermeester reël alles vooraf tot in besonderhede, sodat al die opvoedkundige situasies kunsmatig geskep word. Die hele toneel met die towerkunstenaar was 'n doorstoke kaart. Emile kom nooit voor 'n egte probleem te staan, wat hy self vind nie. Nog minder neem hy die voortou in die oplossing. In die bos sit hy soos 'n baba en huil toe hul "verdwaal" het. Dis sy meester wat die inisiatief neem en vra: "What shall we do to get out? " 5). In die eksperiment met die eend lees ons: "We discuss the duck..., we take a needle..., we imbed it in wax..." 6). In die geval van die instrumente heet dit: "We shall make all our apparatus ourselves..., we mean to invent..."7). Dit lyk nie of die leiding tot 'n minimum beperk is nie. McCallister merk tereg op: "The real activity of the 'active principle' is in the elaborate preparations of the tutor" 8). Die onderwyser is self so oorywerig dat hy sy eie waarskuwing veronagsaam, naamlik dat, as die waarheid 'n onvergeetlike indruk op die kind moet maak "he must spend anxious days before

---

1. Emile, pp.143-4.
2. Sien Emile, pp.135,vv.
3. Emile, p.139.
4. Emile, p.134. Cf. p.142.
5. Emile, p.144.
6. Emile, p.136.
7. Emile, p.139.
8. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.245.

he discovers that truth" 1). Die "well-regulated liberty" in die metode word so oor-gereguleer dat van die hooggeprese vryheid weinig oorbly.

Dit is dan Rousseau se positiewe verstandelike opvoeding. Daar bly egter ook nog die negatiewe aspek oor. Selfs op hierdie stadium is daar nog baie dinge wat bokant die verstandelike vermoë van die kind is. "He should remain in complete ignorance of those ideas which are beyond his grasp". Dit noem Rousseau sy "fundamental principle of education" 2). Waarom moet die onkunde egter <u>volkome</u> wees? Deurgaans eis Rousseau uitstel totdat die kind die kennis volkome kan verstaan : fabels moet uitgestel word totdat hy 'n man is, omdat hy dan eers die sedeles kan verstaan 3); alle vermelding van God eweëens, omdat die jonger kind 'n verkeerde voorstelling van God sal vorm! 4) Rousseau verkondig die progressiewe ontwikkeling van die kind se vermoëns, maar, aldus Payne, "he seems to miss the truth that there is a corresponding progress in the child's knowledge... St. Paul was wiser: "When I was a child I spake as a child, I understood as a child, I thought as a child....." 5). Rousseau stapel die kinderlike vermoëns soos bakstene op mekaar; eerder kan ons die vergelyking met 'n blomknop tref: al die vermoëns is op elke stadium in die kind aanwesig, die intellektuele, die sosiale, sedelike, godsdienstige, ens., - maar almal in 'n kinderlike stadium van ontluiking. Om die kind dus in volslae onkunde aangaande die hoër waardes te hou totdat hy hulle volkome kan verstaan, is 'n gewetelose verhongering van sy edeler geestelike behoeftes.

(e.v) <u>Adolessensie</u>.

Gedurende die vorige periode moes die onderrig nog "clear

---

1. Emile, p.132.
2. Emile, p.141.
3. Emile, pp.210-211.
4. Emile, pp.219,222.
5. Payne : Rousseau's Émile, p.231.

and cold" wees; die tyd was nog nie ryp vir "eloquence..., poetry..., feeling or taste" 1) nie. In die adolessensieperiode, wanneer die gevoel ontwaak het, is bloot verstandelike redenering te swak. Nou moet die hart tot die hart spreek. "We speak to the heart rather through the eyes than the ears", en dis deur hierdie taal van die hart, - "the most forcible mode of speech" - "that men are persuaded and driven to action" 2) Geredelik moet ons erken dat alleen die besielde woord ware besieling kan bring, waarlik die innerlike dryfvere van die hart in beweging kan bring. As Rousseau egter sy nuwe metode in die seksvoorligting wil toepas deur 'n stortvloed van trane en sentimentaliteit op Emile uit te giet 3), dan maak hy gebruik van onwaardige opsweping van die gemoed, wat 'n gemene vorm van gewetensdwang is. Kom Rousseau darenteen by die vorming van Emile se smaak 4), nog meer by sy godsdienstige opvoeding 5), en by uitstek by sy waarskuwing teen die verleidinge van slegte geselskap 6), dan word sy metode, in McCallister se woorde, "highly verbal, formal and fantastic" 7) - in laasgenoemde geval 'n blote sedepreek. Dan vergeet Rousseau blykbaar sy eie verstandige voorskrif : "Say little to your pupil, but choose time, place, and people; then rely on concrete examples for your teaching, and be sure it will take effect" 8). Die gevleuelde gedagte van Augustinus, dat die opvoeder meer met God ten behoewe van die leerling moet praat, as met hom oor God 9), sou vir Rousseau natuurlik dwaasheid wees, want hy as deïs bid nie 10).

---

1. Emile, p.132.
2. Emile, p.286.
3. Sien Emile, p.288.
4. Sien bv. Emile, p.307 : "discussion", p.308 : "conversation".
5. Emile, p.278 : Die geloofsbelydenis van die Vikarius van Savoye is "an example of the way in which we may reason with our pupil."
6. Emile, p.297.
7. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.236.
8. Emile, p.193.
9. Sien bo, p.27.
10. Emile, p.257.

Die vyfde periode sluit Emile se vorming af met buitelandse reise en 'n studie van sosiale instellings. Die metode bied egter geen nuwe elemente wat nie reeds in die vroeëre opvoeding voorgekom het nie.

Aangesien Rousseau se opvoeding van die meisie op so'n wanopvatting van die vrou berus, en hy seer seker nie dáaraan sy onberekenbare invloed op die opvoeding van die eeue na hom te danke het nie, laat ons dit buite bespreking.

(f) Kritiese Samevatting.

Rousseau se eie natuur het dit vir hom onmoontlik gemaak om te sien waarin die mens se hoogste wese en doel bestaan. Sy noodlottige mensbeskouing "tries to explain human nature by the laws manifested in sub-human nature" 1); gevolglik keer hy die orde van die natuur presies om; die taak van die opvoeding is immers nie om die natuur te volg nie, maar "to elevate the "natural" into the "spiritual" man" 2), om die vryheid, nie van die natuurlike mens nie, maar van die geestelike mens na te jaag.

Sy uiteindelike beskouing van vryheid huiwer tussen twee teenstrydige opvattings, die deïstiese en die Stoïsynse. Dit verklaar waarom hy ronddobber tussen Epikureïsme en Stoïsisme, en tussen spontaneïteit en gesag in die opvoeding 3). Die onmiddellike vryheid weer, wat hy van stadium tot stadium voorspieël, is feitlik 'n suiwer negatiewe, dit wil sê 'n vryheid wat verkry word deur die eise van die hoër geestelike wette uit te skakel. Hy kon nie insien dat ware geestelike vryheid "has no content save in a world wherein each individual spirit is, through its own essential activity, freely related to all other spirits, and gradually perfects itself by ever richer, deeper, and freer forms of this relation" 4). Deur aan die

1. Davidson : Rousseau, p.222.
2. Davidson : Rousseau, p.223.
3. Sien Davidson : Rousseau, p.215.
4. Davidson : Rousseau, p.213.

kind rede en gewete te ontsê, het hy hom berowe van juis dié middele waardeur hy vir hom 'n hierargie van ideale moet opbou 1). Deur hom terwille van sy vryheid van die normale gemeenskap te isoleer het hy hom juis abnormaal afhanklik gemaak van die paar persone wat sy kunsmatig-geselekteerde gemeenskappie uitmaak 2). So het hy die kind tot 'n totaal valse wêreldbeeld en 'n valse opvatting van vryheid gedoem. Omdat sy wêreld in sy kinderjare beperk was tot die fisiese hede, met uitsluiting van 'n geestelike toekoms, en sy vryheid tot die genot van onmiddellike sinlike geluk, daarom is die twintigjarige Emile nog so ontbloot van alle waardige ideale dat hy dag en nag bewaak moet word om nie die prooi van sy sinnelike luste te word nie. Selfs vir 'n kind is daar 'n hoër genot as "sensuous dalliance, namely the enjoyment that comes from an orderly exertion of his will in view of an end" 3). McCallister vat die resultaat van Rousseau se opvoeding meesterlik saam as hy sê: "The distrust of reason, the starving of the feelings, the neglect of the motives of action, the curbing of the social impulses, the stifling of imagination, and the rigid direction of the inventive and exploratory, powers produce a youth devoid of vital, personal interests in the 'storm and stress' period" 4). Emile se eerste ideaal word vir hom deur sy leermeester voorgeskilder - die beeld van sy toekomstige vrou.

Rousseau verdien die dank van latere geslagte vir sy roerende pleidooi dat die kind as 'n kind behandel en geëerbiedig moet word. Sy eie voorstelling van wat die kind werklik is, het die wêreld egter vir geslagte op 'n dwaalspoor gelei. Enersyds het hy in sy romantiese lewensbeskouing die kind met die primitiewe mens verwar. Andersyds het hy die mens as 'n

---

1. Sien Davidson : Rousseau, p.214.
2. Sien McCallister : The Growth of Freedom in Educ., p.236.
3. Davidson : Rousseau, pp.215-6.
4. McCallister : The Growth of Freedom in Educ.,p.247.

optelsom van sekere vermoëns beskou: die kind onder twaalf jaar is dan 'n mens minus die redelike, sedelike, sosiale en religieuse vermoëns; in die derde periode is hy ditto plus verstand, ens. Dis 'n gans verdraaide chemiese beskouing. Telkens voeg hy een bestanddeel by en neem die reaksie waar. In die adolessensieperiode, as die hartstogte bykom, vereis dit al die behendigheid van die leermeester om 'n ontploffing te verhoed! Deur so'n materialistiese opvatting van die kind vernietig Rousseau weer al die vryheid wat hy deur sy Romantisisme aan hom toegeken het.

Selfs vir die idee van negatiewe opvoeding verdien Rousseau lof - mits dit beteken dat stap vir stap die opvoeding van die hele kind (fisies, intellektueel, sosiaal, eties, religieus, ens.) by die rypheid van die kind op elke bepaalde stadium aangepas moet word. Om die kind se ontwikkeling voor te stel asof die "vermoëns" in kronologies skerp-afgeskeie tydperke námekaar ontwaak, gee 'n verwronge beeld van die kind, wat noodwendig sy vryheid moet verwring. Nietemin het Rousseau se poging ten minste die weg voorberei vir "the scientific and orderly presentation of educational material" 1). Sy idee dat van die kind nooit meer verwag mag word as wat binne sy kinderlike vermoë is nie, het veel gedoen "towards securing healthful and happy conditions of education" 2). Aan die anderkant, soos Rousseau self die idee toepas, byvoorbeeld in die vroeëre stadia, "by confining the pupil's freedom to the investigation of the physical environment the tutor sets up the very conditions of social enfeeblement from which he desires to set Emile free" 3). Verder - en hierin sien McCallister die kernfout van Rousseau se teorie - in stede van uit die feit dat die kind se verstand nog nie volwaardig funksio-

---

1. McCallister : The Growth of Freedom in Educ., pp.236-7.
2. McCallister : ibid., p.239.
3. McCallister : ibid., p.235.

neer soos dié van die volwassene nie, af te lei dat die kind wel op kinderlike wyse redeneer, besluit hy dat „childhood is the sleep of reason", dat die verstand dus ongestoord gelaat moet word tot tyd en wyl sy vermoëns -- oordeel, geheue, ens., - ontwaak. In ander woorde, die kind word tot verstandelike passiwiteit gedoem, die hele omgewing word verdraai en kunsmatig gekontroleer ten einde enige vroegtydige verstandelike aktiwiteit terug te hou. Die gevolg is „a fanciful equilibrium of the desires and capacities attained by controlling some of the vital impulses and starving some of the fundamental abilities" 1).

Die ergste van Rousseau se teorie van negatiewe opvoeding van die „vermoëns" is egter dat dit op 'n onvergeeflike oorsig berus - so nie op intellektuele oneerlikheid nie. Na aanleiding van die noodsaaklikheid om die godsdienstige opvoeding te vervroeg (!) tot die twintigste jaar omdat dit nodig is as 'n instrument om die aansnellende seksuele hartstogte te beheer, skryf hy: „As there are in this same society inevitable causes which hasten the development of the passions, if we did not also hasten the development of the knowledge which controls these passions we should indeed depart from the path of nature and disturb her equilibrium. When we can no longer restrain a precocious development in one direction we must promote a corresponding development in another direction, so that the order of nature may not be inverted, and so that things should progress together, not separately, so that the man, complete at every moment of his life, may never find himself at one stage in one of his faculties and at another stage in another faculty" 2)
Hy weet dus dat die kind op elke stadium kompleet moet wees, en tog hou hy hom, byvoorbeeld in sy derde periode,

---

1. McCallister : The Growth of Freedom pp.242-3.
2. Emile, p.222., Onderstreping deur my.

opsetlik op één stadium in sy verstandelike, en op geen stadium in sy godsdienstige ontwikkeling! Hiermee stort Rousseau se hele teorie soos 'n kaarte-huis in duie.

Die noodsaaklikheid van honderd persent kontrole oor die omgewing, die ervaringe en elke beweging van Emile verneder die opvoeder tot "a lynx-eyed and rather stern and inflexible representative of the grand undeviating uniformity of the physical environment" 1). Hy reguleer alles en beheer alles - onder die dekmantel van selfuitvinding - tot so'n mate dat sy "well-regulated liberty" meestal die leerling van alle inisiatief beroof. Dikwels, soos in die geval van die towerkunstenaar, is sy beplanning niks anders nie as 'n valstrik wat hy vir Emile stel - 'n metode wat ongetwyfeld die benaming, "pious fraud" 2) verdien. Ten spyte van al die skynvryheid wat hy die leerling laat, is hy die beliggaming van 'n nuwe gesag: die onverbiddelike gesag van die natuurwet. Die gesag van die middeleeuse skoolmeester, die kerk en die klassieke geleerdheid het van die toneel verdwyn. "In their place is the necessity of Nature, a new kind of pope, infallible and inviolable, with the tutor as his immediate and visible representative" 3).

'n Tug wat die kind enersyds vrylaat om sy natuurlike neiginge onbeteueld uit te lewe, en hom andersyds onder die onverbiddelike wet van die natuurnoodwendigheid laat buk; wat die <u>kind</u> van alle gehoorsaamheid aan persone onthef om die <u>jongman</u> des te vaster te bind; wat die jong bruidegom die een oomblik sy volle vryheid gee en hom die volgende nag weer onder die strengste spioenasie plaas - so'n tug is verwarrend en immoreel. Dit leer die kind nooit onderskei tussen slawerny en vryheid nie, omdat hy die ware vryheid nooit ken nie. Dis dan ook geen wonder dat hy hom uiteindelik apaties, stoïsyns

---

1. McCallister : The Growth of Freedom p.240.
2. Davidson : Rousseau, p.221.
3. McCallister : The Growth of Freedom p.241.

aan slawerny onderwerp en daarin sy vryheid roem nie. Met so'n fatalistiese standpunt sou die mens hom by die ergste dwang moet neerlê, en daarmee sou die stryd om ware vryheid eindig 1). 'n Tug wat die kind tot by sy adolessensie as 'n outomaat beskou, wat deur die fisiese wet van natuurnoodwendigheid in plaas van deur die sedelike wet van vryheid beheer moet word - so'n tug beroof die mens van sy waardigheid as mens. 'n Tug, eindelik, wat die waarde van dade beoordeel volgens hul "natuurlike", werklike, in plaas van hul beoogde gevolge, hul motiewe, leer die mens bloot die ongewenste gevolge van sy dade vermy. Dit demoraliseer hom omdat dit hom die kwaad nie as sonde leer verafsku nie. Dit kweek die geslepe beroepsmisdadiger.

Laat ons opsom. Rousseau se leuse, "Volg die natuur", kon, omdat dit van 'n misdadige, benede-menslike opvatting van die mens uitgegaan het, geen geestelike vryheid bring nie, slegs slaafse binding aan die onwaardigste elemente in die mens. Hy het 'n dapper poging aangewend om in 'n "well-regulated liberty" die ewewig tussen inwendige en uitwendige beheer, tussen die spontaneïteit van die leerling en die gesag van die opvoeder te vind; maar "he overstepped the limits of reasonable and helpful control" 2). Sy definisie van vryheid het tot 'n negatiewe opvoeding gelei, wat, soos deur hom toegepas, op 'n kunsmatige, meganiese afweging van begeertes, vermoëns en handelinge teen mekaar uitgeloop het. Ten spyte van sy oortuigende oproep om die kind as kind te sien, het hy self nie die kind as 'n hele mens gesien met alle menslike vermoëns in kinderlike vorm aanwesig en in wording nie, maar as 'n onvolledige mens wat eers deur die periodieke ontwaking van nuwe vermoëns, die één ná die ander, volwaardig sou word. Nood-

1. Sien Davidson : Rousseau, p.220.
2. McCallister : The Growth of Freedom p.248.

wendig moes dit tot dwang, tot verhongering van die hoër geesteslewe lei.

Alle teenstrydighede in die "Emile" ten spyt lewer Rousseau tog 'n belangrike bydrae tot die oplossing van die vraagstuk van vryheid en gesag in die opvoeding. Hoewel Emile se vryheid in die praktiese uitwerking daarvan grootliks deur 'n oormaat van beheer, bewaking en leiding deur die onderwyser geneutraliseer word, tog wil ons op drie kardinale vryheidsgedagtes 1) wys, wat in kiem aanwesig is. Beheer deur interne kragte in die kind self besit ongekende moontlikhede vir die tug; motivering deur interne kragte is die doeltreffendste onderwysmetode; poginge om die begeertes van die kind te onderdruk of in die kiem te smoor kan óf tot verset teen die gesag, óf tot slaafse onderwerping lei; darenteen is 'n opvoeding wat uitsluitlik op die natuurlike waardes in die kind se lewe berus, tot mislukking gedoem - gesag buite die kind moet sy natuurlike waardes help reguleer. In Rousseau se opvatting van hierdie kontrolerende gesag lê myns insiens een van die kardinale swakhede van die "Emile". Die ideaal is dat die kind deur die rigtinggewende gesag van die hoogste lewenswaardes gelok moet word. McCallister sê tereg: "To foster growth we must surround him with values that beckon to his inner life yet lie partially beyond it" 1). As hy dan egter beweer dat Rousseau aan hierdie vereiste voldoen, moet ons ernstig met hom verskil.

McCallister se woorde lui: "The moral of the Emile is that the safest way of providing spiritual nourishment is to present to the pupil the great values deliberately chosen by the race in its continued...... advance towards civilization. With all his hesitation, this is what Rousseau does" 1).

---

1. Sien McCallister : The Growth of Freedom, p.249.

Rousseau se tydsindeling noodsaak ons om 'n verskil tussen die opvoeding van die kind en die jongman te maak. As Emile byna twintig jaar oud is, laat Rousseau hom vir die eerste keer met die "great values" - sosiale, sedelike, estetiese en godsdienstige waardes - kennis maak. Vir sover dit die opvoeding van die byna-volwasse Emile betref, kan ons dus in beginsel met McCallister saamstem (natuurlik nie met Rousseau se verdraaide voorstelling van hierdie waardes nie). Wat die opvoeding van die kind egter betref - waarmee ons tog in die eerste plek hier te doen het, en wat dié element is waaraan Rousseau sy onberekenbare invloed te danke het - moet ons helaas konstateer dat Rousseau hom in die woestyn van geestelike honger laat omkom. Die enigste gesag wat hy ken is dié van die onverbiddelike natuurwet en die tirannieke bewaking deur 'n meester wat hom uitsluitlik as die verteenwoordiger van hierdie natuurwet beskou, terwyl hy ooglukend wag dat oortredinge van die sedewet deur hul natuurlike gevolge gestraf moet word. Dis baie ver verwyder van die Christelike opvatting dat die opvoeder die aardse verteenwoordiger van die goddelike gesag is. Die vryheid van die kind is die vryheid om sy natuurlike neiginge binne hierdie perke uit te lewe. Na die skyn is dit 'n ruim vryheid; in werklikheid is dit eng - en benede peil. Met Davidson hou ons dus vol: die gesag van die wet van die regverdige liefde 1) is vir Emile in sy kinderjare vreemd; die vryheid "(to) train his will to relate itself freely to the freedom of other wills" 2) ken hy nie, nog minder die bevryding van die siel uit sy "natuurlikheid" deur die oorgawe van gees aan Gees.

1. Davidson: Rousseau, p.242.
2. Davidson: ibid., p.219.